Get more papers from: www.mycourses.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website:** www.ecdoe.gov.za

# 2022 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS HL** | | |
| **QUESTION PAPER** | | 2 | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2½ hours** | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **DATES OF MARKING** | **7 – 19 DECEMBER 2022** | | |

www.mycourses.co.za

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Die feit dat ons leerders nog steeds gebuk gaan onder die nagevolge van COVID-19, is daar 'n opflikkering te bespeur in vraestel 2. Die feit dat die kandidate in graad 11 en graad 12 (tot en met September) nie volle vraestelle geskryf het nie, word beslis nou in die swak beantwoording van die antwoordstelle weerspieël.

Die Oos-Kaap het hierdie jaar effe beter in die Letterkunde vraestel gevaar. Tog is die tedens nog steeds dat kandidate beslis die voorbereiding vir Afrikaans Huistaal Vraestel 2 afskeep. Die feit dat hierdie vraestel tussen twee groot leervakke, naamlik Toerisme en Besigheidstudies geskryf is,het weereens gemaak dat hierdie vraestel aan die kortste ent trek.

Die meeste kandididate se antwoorde is vaag en onsamehangend. Hulle beantwoord nie die vrae op die man af nie, maar verval in storievertelling – veral by die Drama en die Roman.

Daar was 'n verbetering by die beantwoording van die langvrae by die Roman en Drama- daar is minder papegaai-geleerde langvrae, maar die swakker leerder val nog terug op "storievertelling".

Kandidate in die klas moenie slegs die roman of drama lees en net die inhoudsvrae daaroor beantwoord nie. Leerders moet in hulle voorbereiding vir Vraestel 2 na die formaat en vraagstelling uit ou vraestelle gaan kyk. Sodoende sal kandidate vertroud raak met die tipe vraagstelling in Vraestel 2.

Leerders moet ook gehelp/ geleer word om 'n vraag te disekteer na aanleiding van wat presies gevra word en vir hoeveel punte. Die kandidate het soms die tweede deel van 'n vraag heeltemal gemis.

Oor die algemeen het dit beter gegaan in Vraestel 2 en die leerders het die vraestel goed beantwoord. Daar was minder keusefoute (waar leerders altwee kontekstuele vrae in Roman en Drama beantwoord) Daar is 'n positiewe opflikkering na die gruwelike paar Covid- jare te bespeur.

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions (It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).**

**VRAAG 1 "Wie's Hy?"**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag word tradisioneel deur min kandidate beantwoord , hierdie jaar nog minder as tevore. Ongelukkig is dit gewoonlik die oorwegend swakker kandidaat wat hierdie vraag aanpak.
Die leerders het die gedig verstaan, maar het gesukkel om te verduidelik hoe die digter retoriese middels, stylfigure en tipografie gebruik om die verkeerde siening oor digterskap reg te stel. Die kandidate het baie swak in hierdie vraag gevaar.
Die leerders kon die retoriese middel, naamlik herhaling, raaksien en verduidelik, Hier en daar het 'n kandidaat iets genoem van die vrye vers formaat en alleenplasing van versreël onder die Tipografie- afdeling, maar stylfigure,- in hierdie geval 'n sinekdogee- het die leerders skaars genoem
Die vraag is nie beantwoord nie, want die gebeure in die gedig is slegs oorvertel.
Die beantwoording van die struktuur van die langvraag, naamlik inleiding liggaam , slot het oor die algemeen verbeter.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Die skryf van 'n goeie literêre opstel bly 'n uitdaging. Die kandidate het nie geweet wat 'n stylfiguur in hierdie gedig is nie en het ook gesukkel met hoe die tipografie deur die digter gebruik word om sy boodskap oor te dra. Die retoriese middele het hulle ook laat kleitrap.
Die meerderheid kandidate het bloot die herhaling verduidelik en hier en daar geraak aan die tipografie. Die stylfiguur, sinekdogee, is nêrens genoem nie.
'n Gebrek aan behoorlike taalgebruik en woordeskat laat die kandidate ook in die steek. Hul sukkel werklik om sinvolle gedagtes korrek neer te skryf. In die opstelvraag is die korrekte toon en styl deurslaggewend.

www.mycourses.co.za

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Dit is van groot waarde om die swakker kandidate nog steeds aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Alhoewel daar nie nagesien word met die PVI - metode as riglyn nie, help dit verseker die swakker kandidaat om hule argumente met omskrywings of aanhalings uit die teks te staaf.
Onderig die sterker kandidaat om elke stelling wat hy/sy maak terug te verwys na die vraag en of hulle dan kan sien of dit wat hul neergeskryf het het die vraag beantwoord.

Begin die opstel met 'n kort inleiding (die vraag moet net geparafraseer word), maar waak daarteen dat dit klink asof 'n toespraak of preek volg. Die kandidaat moet dit teen sterkste vermy om in die eerste persoon te skryf ("In die opstel wat volg, gaan ek...). Dit is opvallend hoe baie leerders nog steeds van die eerstepersoon gebruik maak, veral in vraestel 2
Die leerder moet in die liggaam van die opstel (paragraaf 2, 3, 4 en NIE net een NIE) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en daardie PUNT met 'n VERDUIDELIKING óf 'n ILLUSTRASIE uit die gedig te ondersteun.

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

Moet onder geen omstandighede van kolpunte of opskrife gebruik om argumente of verduidelikings aan te dui nie.
Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

- relevante verduidelikings gemotiveer word;
- korrekte, gepaste aanhalings uit die gedig gemotiveer word;
- geparafraseerde aanhalings uit die gedig gemotiveer word.

'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.
Sluit die opstel met 'n kort, samevattende slot af – en moenie nuwe feite hier noem nie. Let asseblief ook deurgaans op die taalgebruik.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Kandidate moet asseblief geleer word om elke nuwe vraag op 'n nuwe bladsy te begin, met die vraagnommer bo-aan. Ook moet daar seker gemaak word dat die kandidaat netjies skryf. Soms is dit bitter moeilik om 'n antwoord te lees.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 2 – "'n brief van hulle vakansie"**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die vraag is in die algemeen meer beantwoord as enige van die ander gedigte. Vir die leerders wat wel geleer het, was dit moontlik om goed te doen. Dit lyk egter nog steeds of die leerders sukkel om hulself reg uit te druk.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Die vraag is oorwegend deur die meeste swak kandidate beantwoord. Dit is kommerwekkend dat kennis van basiese literêre begrippe gebrekkig is. Vraagstelling blyk steeds 'n probleem te wees. Hier is begrip van kardinale belang. Swak taalgebruik en 'n beperkte woordeskat het tot die gevolg dat leerders hulle nie goed kan uitdruk nie.

2.1 Die leerders verstaan nie wat met "drie **OPEENVOLGENDE** woorde" bedoel word nie.

2.2 Die vraagstelling het die leerders verwar. Die kandidate het nie besef dat hulle die verandering tussen die twee dele (versreëls 1-12 en versreëls 9-12) moet weergee nie.

Die leerders het ook nie gesien dat daar 'n tweede deel is nie. Baie leerders het dit net bloot uitgelaat.

2.4 Kandidate het nie verstaan dat hulle die handeling van die spreker se ma pertinent moet stel nie. Vele het net 'n aanhaling soos "lugoë" of "ingelegde perskes (albertas) op die rak" gegee, met die hoop dat dit voldoende sal wees.

2.6 Leerders het gesukkel om goed geformuleerde herhalings uit die gedig weer te gee.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Onderwysers moet asseblief die leerders leer van "drie OPEENVOLGENDE woorde" en dat die eksaminator NET die eerste drie woorde sal merk.

Leerkragte moet hulle leerders die verskillende letterkundige begrippe leer, soos byvoorbeeld beeldspraak. (Vraag 2.3)

Tegniese afronding ontbreek en **moet** onderrig word.

Leerkragte moet kandidate aanmoedig om die werkwoorde en voegwoorde in elke vraag te glim/ onderstreep. Op so 'n manier sal hulle dadelik sien wat verwag word EN of daar meer as een antwoord gegee moet word.

Onderwysers moet deurentyd bewus bly van die kognitiewe vlakke wat getoets moet word.

Moenie deur die loop van die jaar slegs VLAK 1-vrae toets nie. Behou die verhouding van 40 (vlak 1,2), 40 (vlak 3 – afleiding) en 20 (vlak 4,5).

Maak kandidate gewoond aan die VLAK 3-vrae waar afleidings gevra word.

Die evaluering en waardering (VLAK 5) –kort ook aandag.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Keer terug na die onderrig van basiese stylfigure, strofebou en beeldspraak. Fokus ook op die beantwoording van vrae. Opvoeders moet ook aan kandidate die begrip 'tema' leer en hoe dit verskil van die boodskap en toon/stemming van die gedig.

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 3 – "besoekersboek"**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Vraag 3 het saam met Vraag 2 voorkeur by hierdie jaar se kandidate geniet. Die vraag is ook gemiddeld beantwoord. Kandidate kan nie die kernwoorde van die vrae identifiseer nie. Aanhalings word as antwoorde aangebied in plaas van die verduideliking daarvan.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

3.2.1 Hier is dit belangrik om te onthou dat die gebruik van die akuutskryfteken nie deel vorm van die begrip tipografie nie. Die meeste leerders het egter nie geweet wat van hulle verwag word nie en het 3.2.2 se antwoord by 3.2.1 geskryf.

3.3 Die leerders het almal teruggeval op generiese antwoorde en dit moet ten sterkste vermy word. Leerders moet weet dat daar altyd binne konteks 'n motivering gegee moet word.

3.4 Ironie bly die tameletjie van die Letterkunde vraestel. Weinig leerders het punte by hierdie vraag verdien.

- Altwee kante van die ironie moet aangewys word.
- Die gepaste voegwoord wat hier gebruik moet word, is die woord **maar.** Leerders moet geleer word dat **want** nie hier sal werk nie.
- Kandidaat moet weergee *wat verwag word* teenoor *wat fisies of in die werklikheid gebeur.*

3.5 Beantwoord elke deel van die vraag in die volgorde waarop dit op die vraestel verskyn. In hierdie vraag is daar verwag dat die leerder eers die aanhaling uit die gedig moet gee en daarna sy/haar mening gee of dit geslaagd is al dan nie. Motiveer dit ook met 'n gepaste antwoord uit die gedig.

Talle leerders het gesukkel om die tweede deel van hierdie vraag te beantwoord. Meeste antwoorde was generies en vaag.

www.mycourses.co.za

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Bestudeer hoe die enjambement in hierdie spesifieke gedig van toepassing is en wat is die doel. Oefen met leerders hoe om te bepaal of dié enjambement doeltreffend in tekste ingespan word. (Onthou enjambement word net gebruik om rym te verdoesel – spesifiek net waar paarrym voorkom.)

Bespreek verskillende voorbeelde van ironie en hoe die leerders dit moet beantwoord. Dit is belangrik om altwee kante van een saak/ ironie te bespreek.

Bv. *Baie mense probeer om hulle onsterflikheid te verseker deur hull name in die Gideonsbybel te skryf,* ***maar*** *om dit net in te skryf is net 'n poging of verseker nie hulle onsterflikheid nie.*

Bespreek ook vrye versformaat met leerders en wys hoe die digter dit soms treffend by die inhoud van die gedig laat aansluit.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Kandidate moet kort en bondige antwoorde gee. Dit is baie belangrik om kandidate daarop te wys dat hul seker moet maak dat hul al die aspekte wat in 'n vraag na vore kom, moet beantwoord.

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 4 – "Twee kleuters in die Vondelpark"**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die vraag is deur minder kandidate beantwoord. Begrippe soos klankeffekte en suggestie is verkeerd geïnterpreteer.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

4.1 Die meeste leerders kon hierdie vraag beantwoord.

4.2 Hier het die leerders gesukkel en dit was asof hulle nie verder kon dink as net die harmonie wat tussen die twee kleuters heers nie. Leerders moet onthou dat hierdie versreëls nog steeds deel is van 'n groter geheel en dat die boodskap van die gedig ook hier van toepassing is.

4.3 Leerders ken nie die begrip "klankeffek" nie en min van die kandidate kon hierdie punt verwerf. Kandidate moet geleer word dat hulle nie moet moedeloos raak indien die eerste deel van die vraag hulle pooitjie nie. Die tweede deel word afsonderlik gemerk en dus is daar altyd 'n kans dat hulle daar 'n punt kan verwerf.

4.4 Baie leerders kon die stemming regkry, maar in die tweede deel van die vraag het hulle gesukkel. Sommige leerders het nie die versreël in geheel aangehaal nie of selfs net die nommer van die versreël neergeskryf. In altwee hierdie gevalle het die kandidaat die punt verbeur.

4.5.1 Die leerders het met hierdie vraag baie gesukkel. Die term "suggestie" was problematies, dus het leerders nie geweet wat om te skryf nie. Vir die swakker kandidate kan die woord, "suggestie" met "wat word met dit bedoel" vervang word.

4.5.2 As gevolg van die leemte in die kandidate se begrip, het die eerste deel van hierdie vraag ook maar 'n gespook afgegee. Die slotreël is egter 'n lostaande begrip en klimaks wat die kandidaat kennis van moes dra. Indien hy/sy daardie kennis gehad het, kon hulle die tweede deel van hierdie vraag (los van die eerste gedeelte) beantwoord het.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Opvoeders moet kandidate lei om fyn te lees om dan die vraag korrek te interpreteer. Dit is asof die kandidate beantwoord wat hul omtrent die gevraagde gedeelte onthou en nie wat die vraag vra nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die kandidate maak steeds gebruik van die woord DIT. Maak asseblief seker dat u leerders die DIT omskryf. Onthou om die woord, MAAR, en nie WANT te gebruik wanneer ironie verduidelik word.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 5 – "Ek skryf..."**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die ongesiene gedig is oor die algemeen swak beantwoord. Begrip van basiese literêre begrippe pootjie die kandidate by hierdie vraag. Dit is hartseer, want in die verlede het hierdie vraag vele swak kandidate gehelp om 'n paar punte te verdien.

Die agterstand in die matriekleerders se basiese begrip van Afrikaans, het sterk na vore gekom. Kandidate het gesukkel om hierdie vraag te beantwoord, omdat hulle basies nie verstaan het wat die digter bedoel het nie.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Indien die leerders verstegniese aspekte onder die knie het, kon hy/sy ten minste 4/10 kry.

5.1 Menigte kandidate kon hierdie maklike vraag nie beantwoord nie. Kandidate moet die verskillende strofebou leer, nie net wat op toepassing is van hulle voorgeskrewe gedigte nie. 'n Strofe wat uit twee versreëls bestaan, is 'n koeplet.

5.2 Meeste kandidate het die bergies = armoede en perlemoenstropers = misdaad raaksien, maar menigte het gesukkel om die rykdom of te veel geld = sakeman raak te sien, Sommige kandidate het ook nie die vraag goed gelees nie en het die woord "elk" gemis. Hulle het dan net 'n algehele of generiese antwoord gegee.

Leerkragte moet asseblief leerders herinner dat pasella punte word nie in Afrikaans Huistaal gegee nie. Drie punte beteken dat drie feite genoem moet word,

5.3 Die kandidate moes by wat die skrywer se doel is, uitkom. Leerders het net vasgehaak by die woord "sirkusnar" en sodoende die vraag misverstaan.

5.4 Daar is nog steeds kandidate wat nie die verskillende soorte halfrym ken nie. Dit is noodsaaklik dat hierdie basiese kennis sommer vroeg al vasgelê word.

5.5. Meeste kandidate het gesukkel om hierdie vraag te beantwoord. Moontlike oor gebrekkige algemene kennis (weet nie wat 'n perlemoenstroper doen nie), of selfs net die onvermoë om hulself reg uit te druk.

Die kandidaat moes die vergelyking trek tussen die spreker en die perlemoenstroper. Hoe albei iets stroop (perlemoen of sukkel)/ Die skrywer maak geld uit kwessies wat nie syne is nie, net soos die perlemoenstroper geld maak uit perlemoen wat nie syne is nie.

5.6 Die retoriese middel is herhaling. Menigte leerders het nie geweet wat 'n retoriese middel is is nie.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**
Kandidate moet gereeld die geleentheid kry om ongesiene gedigte te oefen. Gee voorbeelde uit ou vraestelle vir u kandidate om as 'n vinnige klastoets te beantwoord en maak hul gewoond aan hierdie soort vraag. Maak seker hulle ken hul literêre begrippe en sodoende kan hul ten minste 5 van die 10 punte kry.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die ongesiene gedigte moet binne die kandidate se verwysingsveld wees. Maak seker die keuse van gedigte in skooleksamens is gepas vir die teikengehoor – gedigte uit hul ervaringswêreld.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 12 – onderwêreld (literêre opstel)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die kandidate het oor die algemeen goeie werk gelewer. Die leerders wat uitstekende punte behaal het, het duidelike argumente omtrent Eckardt se valsheid en hoe dit Greg beïnvloed het, gehad. Hierdie argumente het bestaan uit 'n sterk punt (bv. Eckardt het homself met 'n vals profiel by Lawson Kollege ingeskryf) wat dan met illustrasies/verduidelikings gemotiveer is.
Kandidate het oor die algemeen gesukkel om argumente te formuleer om die vraag te interpreteer. Nog steeds sukkel leerders om te hou by die bespreking van die verskillende valshede, en val gedurig terug op storievertelling.
Leerkragte moet die kandidate herinner dat die eksaminator die roman ken en die kandidaat hoef nie eers die agtergrond neer te skryf nie. Spring dadelik weg met die bespreking van die vraag.
Foutiewe paragrafering is 'n algemene probleem en kandidate sukkel om 'n gepaste slot te formuleer. Die storie word meestal oorvertel en die feite word nie gemotiveer nie.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Leerders het valsheid met "social engineering" verwar. Alhoewel dit een van Eckardt se valshede was (wat hy gedoen het om inligting oor Greg in te samel) is dit nie al valsheid van Eckardt wat bespreek moes word nie.
Soms is die valshede net genoem en dan nog steeds nie deurgetrek na hoe dit Greg beïnvloed het nie.
Baie kandidate het ook weer bloot die storie vertel en voer nie argumente aan nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Dit bly doeltreffend om kandidate aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit 'n goeie onderrigbenadering vir veral die swakker kandidate wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf.
Begin die opstel met 'n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof 'n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou die konflik in die roman bespreek…") nie.
Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met 'n VERDUIDELIKING of 'n ILLUSTRASIE uit die roman te ondersteun. Argumente moenie met kolpunte aangedui word nie.
Sluit die opstel met 'n kort, samevattende slot af – en geen nuwe feite word hier genoem nie.
Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

- relevante verduidelikings gemotiveer word;
- korrekte, gepaste aanhalings uit die roman gemotiveer word;
- geparafraseerde aanhalings uit die roman gemotiveer word.

'

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.
Sluit die opstel met 'n kort, samevattende slot af – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Kandidate ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.
Kandidate móét literêre opstelle oefen. Deel die memorandums van vorige eksamens aan u kandidate uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om 'n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik (bv. G vir Greg) wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. 'n Punt wat gemaak word, verdien 'n kode (G) en wanneer daardie punt 'n argument word (verduidelik/geïllustreer), dan plaas ons 'n sirkel om die G om te wys dat dit 'n duidelike argument is.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 13 – onderwêreld (kontekstueel)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag is swak beantwoord. Die kandidate het gesukkel met die vraagstelling en veral diegene wat nie 'n goeie leesbegrip het nie, het gesukkel om volledige en sinvolle antwoorde aan te bied. Die kandiate se antwoorde is nie spesifiek genoeg nie. Hier is die kennis van die boek van kardinale belang.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

13.1 Nie alle leerders weet wat 'n studeerkamer is nie en dit is nie deel van hulle ervaringsveld nie. Leerkragte moet dit asseblief in ag neem, en dit verduidelik. Sommige leerders het nog steeds nie geweet dat hier van Eckardt gepraat word en nie Greg nie.

13.2 – 13.3.Indien leerders nie die roman ken nie, was hierdie punte ook in die weegskaal. Verskeie kandidate het hierdie vrae na aanleiding van die Greg-karakter beantwoord in plaas van Eckardt en sodoende kosbare punte verloor.

13.4.1 As gevolg van 'n fout op die vraestel, is hierdie punte toegeken indien leerder Ja of Nee geskryf het. In die vervolg moet leerkragte asseblief leerders so afrig dat hulle altyd Ja of Nee skryf, met 'n goed deurdagte motivering. Kandidate moet een opsie kies en nie altwee kante probeer beantwoord in een antwoord nie.

13.4.2 Hier kon leerders goeie punte verdien indien hy/sy die roman ken.

13.5 Hierdie vraag was moeilik vir die kandidate. Die weerklank van sy pa se stem verwys na die eggo in sy naam en sy naam wat oplos in die donker verwys na die seun/ kinderjare/identiteit wat verdwyn.

13.7.1 Indien leerders nie die roman goed ken nie, sal hulle nie weet waar in die roman Teks H uit kom nie. Dit is belangrik om dit te weet, anders beantwoord die leerder die vraag vaag en verkeerd. Die kandidaat moet kophou wat Inspekteur Cele op hierdie punt in die roman al reeds weet al dan nie.

13.7.2 Indien die kandidaat nie besef dat hierdie uittreksel aan die einde van die roman voorkom nie, sal die kandidaat hierdie vraag ook verkeerd beantwoord. Greg se houding teenoor Eckardt het verander van vertroue en lojaliteit na kwaad en Greg wil hom gaan oorgee aan die polisie. Dit het verander vanaf positief na negatief. Vir die leerders wat nie opgelet het waar Teks H uit kom nie, sal verkeerdelik weer die storie van die inlywingseremonie vertel en hoe Greg positief gevoel het teenoor Eckardt na die tyd.

Leerders het ook heeltemal die tweede gedeelte van die vraag gemis- hoekom die veranderde houding van Greg verstaanbaar is.

13.9 Ironie bly 'n moeiike vraag om te beantwoord.

- Altwee kante van die ironie moet aangewys word.
- Die gepaste voegwoord wat hier moet gebruik word, is die woord **maar.** Leerders moet geleer word dat **want** nie hier sal werk nie.
- Kandidaat moet weergee *wat verwag word* teenoor *wat fisies of in die werklikheid gebeur.*

Source: www.mycourses.co.za

www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

13. 10 Weinig kandidate het hierdie antwoord reg gekry. Konflik bestaan uit twee botsende magte. In hierdie geval is dit die botsing wat in Greg se binneste plaasvind, Bv. Greg het altyd gedink hy is 'bullet-proof', maar nou besef hy hy is ook weerbaar of kry ook seer.

13. 11.1 Kandidate moet onthou om BEIDE Eckardt en mnr. Owen se karaktereienskappe te gee. Leerders kon ook die vraag beantwoord deur te sê "Beide het hierdie en hierdie karaktereienskap.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Goeie resultate kan nie verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie. Hier is daar 'n groot tekortkoming.
Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae. Kandidate moet ook ou vraestelle se vrae uitwerk eerder as net 'n string inhoudsvrae.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf, maar maak kandidate gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die
memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insig en kennis van die roman wat ook in die kontekstuele vrae se beantwoording met vrug gebruik kan word.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**VRAAG 14– KRISMIS VAN MAP JACOBS (literêre vraag)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die kandidate het oor die algemeen gesukkel om hierde genre se literêre vraag goed te beantwoord. Leerders het in storievertel verval en het gesukkel om Miss Africa en Apostel George se onderskeidelike rolle wat hulle gespeel het in Map se bevryding te bespreek.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Leerders begaan nog steeds die fout en beantwoord by beide die Roman en Drama die kontekstuele vrae, in plaas van een kontekstueel en een langvraag.

Kandidate moet onderrig word om die vraag te beantwoord en nie die storie te vertel nie. Ook moet die leerders onthou dat die merkers reeds die drama ken en die leerder hoef nie die agtergrond te gee nie. Spring dadelik weg met die verduideliking van die vraag.

Alhoewel die merkers met spelfoute werk, kan hulle nie dit aanvaar indien die spelling die betekenis verander nie. In hierdie geval het hulle telkes opgemerk dat leerders van die "dronk" praat in plaas van die "tronk".

Die formaat moet steeds aandag geniet. Daar was nie altyd 'n inleiding, liggaam en slot nie.

Nog 'n punt wat ons asseblief onder opvoeders se aandag wil bring, is om vir leerders vooraf uitgewerkte vrae te leer. Voorbeelde hiervan is vrae oor: Konflik, Karakterontwikkeling en Ruimte. Alhoewel dit minder voorkom as in die verlede, is daar steeds sentums wat dit vir hul leerders gee om te leer. Dit word ten sterkste ontmoedig.

Die inleidende- en slotparagraaf moet bymekaar aansluit. Dink daaraan dat die opstel soos 'n sirkel getrek word. Die openingsparagraaf is die beginpunt, die verduideliking (in 3-5 paragrawe) vorm die lyf en dan eindig die slotparagraaf bo net langs die openingsparagraaf.

Leerders ken nie al die karakters in die drama nie. Daar word gefokus op die hoofkarakters en newe-karakters soos Apostel George en Miss Africa kry nie die nodige aandag nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Dit bly doeltreffend om kandidate aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit 'n heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf.

Begin die opstel met 'n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof 'n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou bespreek hoe die spreker…") nie.

Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met 'n VERDUIDELIKING
of 'n ILLUSTRASIE uit die drama te ondersteun. Moenie argumente met kolpunte aandui nie.

Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

- relevante verduidelikings gemotiveer word;
- korrekte, gepaste aanhalings uit die drama gemotiveer word;
- geparafraseerde aanhalings uit die drama gemotiveer word.

'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.
Sluit die opstel met 'n kort, samevattende slot af – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die kandidate se taal- en skryfvermoë baar groot sorg. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.
Diepte van argumente ontbreek ook wat die logiese vloei en 'n sterk aanbieding kniehalter. Dit bly deurentyd belangrik dat daar 'n goue draad deur die opstel loop wat elke keer na die vraag terugverwys.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**QUESTION 15 – KRISMIS VAN MAP JACOBS (kontekstuele vraag)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Leerders sukkel oor die algemeen met die interpretasie van die kontekstuele vrae. In die algemeen het die leerders beter gevaar in die kontekstuele vraag as die langvraag van Map.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Dit is belangrik dat leerders die vraag goed lees. Maak gebruik van 'n glimpen of kleurpen en onderstreep wat presies gevra word en hoeveel dele van die vraag daar is.

15.1 Leerders het nie altyd "waar" geantwoord nie, maar eerder "wat". Onnodige punt verloor.

15.4.3 Hierdie vraag bestaan uit twee dele en kandidate moet onthou dit word afsonderlik gemerk. Ironie bly problematies:

- Altwee kante van die ironie moet aangewys word.
- Die gepaste voegwoord wat hier moet gebruik word, is die woord **maar.** Leerders moet geleer word dat **want** nie hier sal werk nie.
- Kandidaat moet weergee *wat verwag word* teenoor *wat fisies of in die werklikheid gebeur.*

15.5 Leerders het gesukkel om 'n karaktereienskap aan Cyril toe te ken.

15.6 Kandidate moet onderrig word om by 'n mening vraag eers pertinent Ja of Nee te antwoord. Daarna moet ook 'n goed gemotiveerde feit gegee word.

15.7 Die vraag vra nie of Tommy, Cyril en Richie bevryding vind in die ruimte waarin hulle hulself bevind nie, maar wel **hoe** hulle bevryding vind.

15.8 Hier moet die leerders die roman goed ken en weet watter karakter het wat gesê, anders raak hulle deurmekaar.

15.9 Leerkragte moet die leerders leer van stapelvrae. Baie leerders het die laaste deel van hierdie vraag of vergeet of geïgnoreer. Dit is 'n onnodige fout, wat maklike punte in die water gooi.

15.10 Die funksie van die ellips in 'n drama, sal nooit "om asem te skep" wees nie. Leerders moet leer om dié vraag na aanleiding van die teks en karakters te beantwoord.

15.11 In hierdie geval het die vraag na die verkeerde teksuittreksel verwys. Leerders moet onderrig word dat hulle nog steeds 'n antwoord moet gee, al voel hulle dat die vraag te kort skiet.

15.12 Indien die leerders nie die drama goed ken nie, sal hulle klei trap hier. Dit is van kardinale belang dat die leerders die detail en karakters van die drama onder die knie het.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Kandidate moet daarteen waak om bloot die inhoud van die drama te wil oorskryf, maar moet die vraag korrek lees en interpreteer.
Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Niks kan verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.
Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller/dramatiese doelstelling bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf en maak kandidate gewoonaan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit sal hul kennis van die drama verbreed.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**QUESTION 16 – MIS (literêre opstel)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Daar is minder sentrums wat Mis behandel. Die vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Die leerders het goed gedoen in beide die langvraag en kontekstuele vraag.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Die kandidate het beslis die literêre opstel baie goed hanteer. Waar die kandidate vorige jare in storievertelling verval het en dit nie aan die die gebeure gekoppel het nie, is dit verblydend om te sê dat dit nie dié jaar die geval was nie.

'n Gebrek aan behoorlike taalgebruik/woordeskat laat sommige kandidate in die steek.

Kandidate maak stellings, maar kan dit nie met voorbeelde motiveer nie bv. Gabriël is 'n afwesige vaderfiguur. Leerders kom egter nie uit by hoe dit Meisie se optrede aan die einde van die drama beïnvloed nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Dit bly doeltreffend om kandidate aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit 'n heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf.

Begin die opstel met 'n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof 'n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou bespreek hoe die spreker…") nie.

Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met 'n VERDUIDELIKING of 'n ILLUSTRASIE uit die drama te ondersteun. Argumente moenie met kolpunte aangedui word nie.

Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

- relevante verduidelikings gemotiveer word;
- korrekte, gepaste aanhalings uit die drama gemotiveer word;
- geparafraseerde aanhalings uit die drama gemotiveer word.

'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.

Sluit die opstel met 'n kort, samevattende slot af – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc**.

Die kandidate se taal- en skryfvermoë wek groot kommer. Jaarliks kan daar 'n verswakking bespeur word. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.
Kandidate moet onthou dat die merkers alreeds die drama ken en dus nie 'n agtergrond nodig het nie. Spring dadelik weg met die verduideliking van die vraag.
Diepte van argumente ontbreek ook wat logiese vloei en 'n sterk aanbieding pootjie. Dit bly deurentyd belangrik dat daar **'n goue draad deur die opstel loop wat elke keer na die vraag terugverwys.**

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**QUESTION 17 – MIS (kontekstuele vraag)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die kandidate het baie goed gevaar met die kontekstuele vrae.

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

17.1 Leerders het 'n bietjie klei getrap met die "wat het Miem beïnvloed". Dit kon voorkoms/optrede of woorde wees.

17.2 Die funksie van die ellips is nie vir leser om asem te haal nie. Kandidate moet die vraag na aanleiding van die karakter in die drama beantwoord.

17.6 Ironie het weer die kandidate onkant gevang. Weinig leerders het hierdie vraag reggekry.

- Altwee kante van die ironie moet aangewys word.
- Die gepaste voegwoord wat hier moet gebruik word, is die woord **maar.** Leerders moet geleer word dat **want** nie hier sal werk nie.
- Kandidaat moet weergee *wat verwag word* teenoor *wat fisies of in die werklikheid gebeur.*

17.12.2 Die kandidate het gesukkel met die beantwoording van hierdie vraag.

Die fokus moet val op <u>ander betekenisse</u> van mis. Dit moet handel oor Meisie wat mis of Miem wat mis.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Kandidate moet daarteen waak om bloot die inhoud van die drama te wil oorskryf, maar moet die vraag korrek lees en interpreteer. Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Niks kan verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.

Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf en maak kandidate gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit sal beslis help met die beantwoording van die voorgeskrewe vraestel.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

www.mycourses.co.za

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.**

* A F R H L 2 *

Kopiereg voorbehou



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## INHOUDSOPGAWE


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "Wie's Hy?" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. " 'n brief van hulle vakansie" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "besoekersboek" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 4. "Twee kleuters in die Vondelpark" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "Ek skryf ..." | Kontekstuele vraag | 10 | 12 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 16 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 21 |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 27 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 27 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama (Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Wie's Hy? – Adam Small**

Die poet,
wie's hy?
Djulle het so baie bek oorie poet,
ma wié's hy?
Is hy rêrag soes djulle dink
die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems dink?

Nai,
djulle's mistaken,
nie hy nie
ma djúlle is die poets,
djulle wat innie straat in loep
ennie gladde bek verkoep
ma die dinge sien
en soema net daa God tien hulle roep!

[Bron: *Sê Sjibbolet*, 1963]

www.mycourses.co.za

In hierdie gedig gebruik die spreker stylfigure, retoriese middele en tipografie om die verkeerde sienings oor digterskap reg te stel.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**'n brief van hulle vakansie – Breyten Breytenbach**

*vir oubaas:*

Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur
oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma,
die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my
op die knieë van hul Gij Here God lê;

noudat ek agter 'n baard kou kan ek huil
as hulle snags my naam fluister met die ruite
donker knippende oë in die wind, oor die visolie
vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak

In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
in 'n kortbroek en speel krieket op die duine
en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis

want hy's 'n bokser dokter boer
'n kaptein en 'n held 'n indoena tussen grysaards –
En as die reën soos 'n gesluierde bruid oor die see kom
word die lieflinghond (Trixie) lam;

drie dae veg die veearts en buig dan die knie
en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilsrivier
die plaas van hulle jong liefde en plant die saad
'n soenoffer in die diep grond se skoot

want nou is hulle minnaars
stil bome in die najaar met die wind
strelende drome in die takke
onder komete leeftye lang wêrelde

My ooms sterf soos kapok in die son
hartaanval beroerte kanker en tering
en my pa word stiller en meer verskriklik
van dop tot dop

Hier waar die harde winters en nat somers
my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor
die soet hart van my moeder
my pa se stil en bitter krag

[Bron: *die ysterkoei moet sweet*, 1964]

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


2.1 Skryf DRIE opeenvolgende woorde uit versreël 1 en 2 neer wat aandui dat die spreker 'n volwassene is. (1)

2.2 Herlees versreëls 1 tot 12.

Toon aan dat die spreker se fokus in versreëls 9 tot 12 verander én skryf neer hoe hierdie veranderde fokus by die titel van die gedig aansluit. (2)

2.3 Benoem die beeldspraak in versreël 22. Watter beeld uit versreëls 17 tot 20 kontrasteer met dié beeld? (2)

2.4 Watter aanduiding is daar in die gedig dat sy ma 'n "soet hart" (versreël 31) het? (1)

2.5 In watter opsig sluit die laaste versreël by die subtitel aan? (1)

2.6 Wat is die tema van hierdie gedig? Dink jy herhaling word in die gedig gebruik om dié tema te versterk? Motiveer jou antwoord met TWEE voorbeelde. (3)
**[10]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**besoekersboek – Fanie Olivier**

op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae
van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

wie was dié peter? waar kom pam vandaan?
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys
waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys
lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

[Bron: *Skimmellig*, 1978]

www.mycourses.co.za

3.1 Gee die letterlike en figuurlike betekenis van die titel. (2)

3.2 Herlees versreël 1 en 2.

3.2.1 Noem TWEE maniere waarop "íngekrap" in versreël 2 tipografies uitgehef word. (2)

3.2.2 Is dit effektief dat "uitgekrap" (versreël 1) na "íngekrap" (versreël 2) verander word? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3 Herlees versreël 3 en 4.

Waarom is die enjambement aan die einde van reël 3 funksioneel? (1)

3.4 Daar kom ironie in versreël 11 en 12 voor. Motiveer hierdie stelling. (1)

3.5 By watter TWEE opeenvolgende woorde in versreëls 1 tot 4 sluit "hier" (versreël 14) aan én waarom is die herhaling van "hier" doeltreffend? (2)

3.6 Versterk die afwesigheid van hoofletters in die gedig die tema? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers**

Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
'n klein oneindigheid lank hand-in-hand.

Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
gesplete hart van hals en dubbelhals,
geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
geslote snawel deinserig vervals
met eenkant lug en water anderkant.

Versadig van die roerlose gesig
pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand
vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

Verby die bome druis die straatrumoer.

Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
bromfiets tot motor, sal hy konstateer
– die wiel sy ordeteken – dat hy lid
is van die kollektiewe Lilliput.

Maar sý sien webbe onderwater roer.

Miskien is dit die laaste dag van staar
en grondelose verwondering. Wat sou
hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
'n doktrinêre Hollandse meneer?
En sý 'n druk slagvaardige mevrou
met 'n allure van dit-is-soos-dit-is?

Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

[Bron: *Balans*, 1962]

www.mycourses.co.za

4.1 In versreël 1 en 2 kom harmonie op 'n letterlike én geïmpliseerde vlak voor.

4.1.1 Wat dui aan dat daar harmonie tussen die twee kleuters heers? (1)

4.1.2 Watter ánder harmonie word ook in hierdie versreëls geïmpliseer? (1)

4.2 Watter woord(e) in versreëls 3 tot 5 skep die idee dat volmaakte harmonie net skyn is? (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


4.3 Watter klankeffek kom in versreël 12 voor? Is dié klankeffek funksioneel gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)

4.4 Watter stemming heers in versreël 1 en 2 asook in versreël 25? Haal die versreël waarin die stemming verbreek word, aan. (2)

4.5 Herlees versreëls 18 tot 25.

4.5.1 Dink jy die suggestie van die woord "miskien" is effektief? Motiveer jou antwoord. (1)

4.5.2 Die suggestie word in die daaropvolgende versreëls versterk, maar in die slotreël weerspreek. Bewys die stelling. (2)
**[10]**

www.mycourses.co.za

**EN**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Ek skryf ... – Pieter-Louis Myburgh**

As ek skryf is ek die blommeverkoper
Ek's die sakeman, die bergie* en die perlemoenstroper

As ek skryf is ek die sirkusnar
Ek's die prokureur wat leuens met die waarheid verwar

Ek skryf om die samelewing se sukkel te stroop
– probleme wat ophoop in bundels verkoop

Maar ek skryf ook om sonstrale in ink vas te vang
waar 'n luislang wat lui is na winter verlang

***bergie:** iemand wat in die berg/op straat woon/slaap

[Bron: *Penseel*, 2006]

www.mycourses.co.za

5.1 Wat noem ons tweereëlige strofes soos dié in hierdie gedig? (1)

5.2 In watter opsig is elk van die DRIE metafore in versreël 2 verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse samelewing? (3)

5.3 Waarom beskou die "ek" hom/haar in versreël 3 as 'n "sirkusnar"? (1)

5.4 Benoem die halfrym in versreël 5 én dui aan waarom dit funksioneel is. (2)

5.5 Herlees versreël 5 en 6.

Is dit 'n geloofwaardige afleiding dat die "ek" hom/haar in die gedig met 'n "perlemoenstroper" identifiseer? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

5.6 Watter retoriese middel word gebruik om die titel te ondersteun? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

"Nee. Sonder Peter kan ek tog nie werklik klaarkom nie."
"Nou ja, waarom vra jy dan?"
Ek was self nie seker nie. "Goedkeuring, miskien."

Iris is 'n slagoffer van haar eie onsekerheid (soos bogenoemde aanhaling toon).

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

"Dié keer is dit 'n donker enetjie," het hy vir Ma gesê toe sy die kombersies van my gesig terugvou dat hy kan sien hoe ek lyk.

"Heeltemal anders," het Ma saamgestem.

Ek is spyt dat ek toe nog nie my verstand gehad het nie, want ek sou daarvan gehou het om op daardie punt 'n paar aanmerkings te maak. Soos dat die lig my oë seermaak of dat ek moeg was ná so 'n wurgende ondervinding. Miskien sou ek selfs kon besin het oor die doeltreffendheid van die geboorte – was daar nie 'n beter manier om die eerste lewenslig te aanskou nie? 'n Meer omgewingsvriendelike metode nie?

My susters het die volgende middag na my kom kyk. Hulle was nie beïndruk nie en het eintlik net gekom om Ma te sien en hulle leeslesse hardop vir haar te lees soos hulle gewoond was.

Waarom my ma my Iris wou noem, het ek nooit uitgevind nie. My twee mooi susters was toe reeds na sowel vaders- as moederskant vernoem. My pa het somtyds gespot en gesê die Iris was van pas omdat ek perserig was by geboorte en my arms en bene oor die verpleegster se hande geflap het toe sy my vir hom kom wys. Toe ek klein was, het ek saamgelag, maar in my diepsinnige puberteit het ek geswyg en my gesit en verwonder oor hulle domheid. Die iris was tog ook deel van die oog, en in daardie stadium het ek myself nie slegs as diepsinnig beskou nie, maar as ook besonder skerpsinnig.

7.1 Waarom was Iris se pa nie tydens haar geboorte teenwoordig nie? (1)

7.2 "Heeltemal anders," het Ma saamgestem. (Reël 3)

7.2.1 Dink jy dit is regverdig dat Iris reeds van haar geboorte af as "anders" deur haar ouers beskryf word? Motiveer jou antwoord. (1)

7.2.2 Hoe ontsnap Iris uit die werklikheid waarin mense haar nie ernstig opneem nie? (1)

7.2.3 In die afloop van die roman maak Iris vrede met die werklike lewe. Motiveer hierdie stelling. (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


7.3 "Waarom my ma my Iris wou noem, het ek nooit uitgevind nie." (Reël 12)

7.3.1 By watter tema sluit Iris se blomnaam aan? (1)

7.3.2 Waarom is Iris 'n slagoffer van haar naam? (1)

7.3.3 Wat is Peter se aanvanklike siening oor Iris se naam en hoe lei haar naam later in die roman tot konflik tussen hulle? (2)

7.4 Waarom vind Iris dit nodig om in reël 12 en 13 te noem dat haar susters familiename gehad het? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

7.5 Dink jy Iris se naam het werklik 'n invloed op haar lewe? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

www.mycourses.co.za

**EN**

**TEKS B**

Peter het gesê hy skei my as ek met antieke Chinese begin praat. Die Engel het hy aanvaar omdat die Engel nie opdringerig is of my tyd in beslag neem nie maar as ek by Die Spieël wil aansluit, moet ek my koffers pak. Ek het belowe ek sal dit in gedagte hou. Om te moet kies tussen Peter en die voorvadergeeste is geen keuse nie.

Dit is nou laatsomer en ek en Johanna sit saam op ons kombuisstoeltjies in die hoek van die skadutuin. Dis halfsewe en ons hou die lelie dop. Toe ek nou-nou opkyk, het ek Die Engel deur die ondertuin sien sweef. Hy hou daarvan om laatmiddae in die tuin te wees. Miskien kommunikeer hy met die plante of versterk hy sy onsterflike siel sodat hy krag het vir ons latere argumente. Ek weet nie.

"Dan sal ons seker maar so saam oud word," sê Johanna vir my toe sy met 'n steun langs my kom sit.

"Jy word vet," sê ek. "Jy gaan nie ou bene maak as jy nie oppas nie."

"Ek is gesond vir my jare," sê sy gebelg.

Ek sit my hand op haar knie om te wys ek bedoel dit nie regtig nie en Polder kyk van die een na die ander en dan na die lelie wat met bultende knop roerloos voor ons staan.

"Ek hoop nie hy's weer laat nie," sê Johanna. "Ek wil nie die kos vir Peter verbrand nie."

"Wees geduldig," sê ek. "Dis amper tyd."

7.6 Waarom besluit Iris dat sy Peter bo haar fantasiewêreld verkies? (1)

7.7 In watter opsig verander Iris se houding teenoor die Engel en hoekom is hierdie veranderde houding verstaanbaar? (2)

7.8 Iris is in hierdie teks tevrede met die ruimte waarin sy haar bevind. Waarom is dit ironies? (1)

7.9 Herlees reël 4 en 5.

Watter TWEE keuses, vroeër in Iris se lewe, veroorsaak onmin tussen Iris en haar geliefdes? (2)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


7.10 In watter opsig verskil Johanna en die Engel se sienswyses oor Iris se blomtyd? (1)

7.11 Van watter belang is die slotwoorde in die roman (reël 19) ten opsigte van Iris? Dink jy die slot is geslaagd? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

7.12 Herlees TEKS A reëls 12 tot 19 en TEKS B reëls 14 tot 19.

7.12.1 Hoe verskil Iris se aanvanklike siening van haar blomtyd met haar siening in die afloop? (1)

7.12.2 Watter TWEE aspekte van karakterontwikkeling blyk uit Iris se slotwoorde in TEKS B? (2)
**[25]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

"Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom, jongman ..."

Hierdie woorde van Ouma Essie word eers vir Baas waar toe hy van sy eie drome afstand doen.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Hy weet ook dat hy langs sy bed op 'n biesiemat lê en dat hy baie warm kry.

Sy ma kon net jou kop in haar hande vat, dan voel jy sommer beter, onthou hy.

Daar is iemand by hom. Hy draai sy oë stadig. Is dit die vrou vir wie hy die malariapille gegee het kort voordat hy siek geword het? wonder hy. Sy sit met haar bene onder haar ingevou op die kleivloer, 'n eenvoudige kolletjiesrok oor haar knieë getrek.

Hoe lank lê hy al hier?

"Kan ek help?" Sy stem klink vir hom soos die newels wat voor sy oë swem. Wat sóék sy in sy huis?

"Ek het gehoor dat jy malaria het, meneer Baas. Miskien kan jy my nog onthou. My naam is Grace," sê sy in foutlose Engels.

"Ek is nie goed met name nie," fluister hy. "Watter dag is dit vandag?" Die geroep van die moerasfiskale kom en gaan. Hy moet al sy wilskrag inspan om hulle nie te verloor nie. Hy kan nie goed sien nie. Is daar vliese voor sy oë?

"Dit is Donderdag."

"Hoe lank sit jy al hier?"

Sy het Maandag gekom, sê sy. Die honde wou haar nie naby die huis toelaat nie. Sy het vir hulle vleis gekoop by die bosslaghuis. Hulle was honger. Van die rietbok wat hy geskiet het, was niks meer oor nie. Dit is die lang hond met die stekelrige hare, die swart teef, wat die langste geneem het om aan haar gewoond te raak.

9.1 In watter ruimte bevind Baas hom in reël 1? (1)

9.2 Kan Baas in hierdie uittreksel as 'n slagoffer van sy omstandighede beskou word? Motiveer jou antwoord. (1)

9.3 "Kan ek help?" (Reël 8)

9.3.1 Wie is die eerste persoon vir wie Baas tydens sy ontdekking van Barotseland help én watter invloed het dit op sy onmiddellike toekoms? (2)

9.3.2 In watter opsig lei sy hulpvaardigheid tot innerlike konflik by Baas en wie help hom uiteindelik om dié konflik op te los? (2)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


9.4 "Wat sóék sy in sy huis?" (Reël 8 en 9)

9.4.1 Is dit geregverdig dat Baas so humeurig is? Motiveer jou antwoord. (1)

9.4.2 Vir watter ander mense vra Baas later in die roman 'n soortgelyke vraag? Watter verband is daar tussen hierdie mense en Baas se oupagrootjie? (2)

9.5 " 'My naam is Grace,' sê sy in foutlose Engels." (Reël 11)

9.5.1 Waarom is Grace se noemnaam en haar stamnaam vir die intrige van die roman geslaagd? Verwys na beide haar name in jou antwoord. (2)

9.5.2 Watter karakter aanvaar dat Baas se boot na Grace (Tibelelo) Mulambwa vernoem is? (1)

9.6 In watter opsig het Baas se houding teenoor Grace stelselmatig gedurende die roman verander en waarom is hierdie veranderde houding verstaanbaar? (2)

9.7 Watter DRIE waarhede oor Barotseland se mense leer Grace vir Baas? (3)

**EN**

**TEKS D**

"Ja, hy was 'n doperige ou Christen," sê Whitey. "Left, right and centre. Dis net jammer hy het nie sy skoonpa ook gedoop nie, dan kon dinge dalk vir hom beter geloop het. Maar nou sit ek jou hier en verveel met stories oor my voorgeslagte. En eintlik is daar 'n ander rede hoekom ek jou kom sien het, Baas." 'n Klippie skiet weg.

"Jy moet asseblief nie dink ek druk jou omdat ek met die Land Rover gehelp het nie. Dit is nie so nie, al lyk dit so. Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis 'n familiekwaal. Ek is hier omdat ek in die moeilikheid is ... bietjie finansiële probleme ... Om te hoor of jy dalk sal kan voorskiet. Ek kan sekuriteit gee ..." Sy oë is voor hom op die grond.

"Ek dink nie jy druk my nie, Whitey. Ek dink net jy is by die verkeerde adres."

"Daar is 'n goeie kontrak vir hout wat moet afkom. Die ouens kan nou enige tyd die geld op die tafel sit. Dis miskien net vir 'n maand of twee, op die heel langste. Wat sê jy? Ek het 'n paar klippies. Dis tog goeie sekuriteit."

"Verkoop dit," sê Baas.

"Dis die probleem. Ek het nie kontakte daarvoor nie, en 'n man moet mos maar fyn trap met dié soort ding." Hy skiet nog 'n klippie weg.

"Jammer, Whitey. Ek het niks om jou in ruil te gee ..."

9.8 Waarna verwys Whitey in reël 2 en watter invloed het hierdie insident later op Baas? (2)

9.9 Dink jy Whitey *verveel* Baas regtig (in reël 3)? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


9.10 Op watter manier help Whitey vir Baas direk nadat Baas van malaria herstel het? (1)

9.11 By watter tema van die roman sluit reëls 8 tot 10 aan? (1)

9.12 Herlees reël 18 en 19 in TEKS C en reël 1 en 2 in TEKS D.

Beide Grace en Whitey vervul die rol van voorsiener in Baas se lewe. Motiveer die stelling met verwysing na beide Grace en Whitey. (2)
**[25]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

"... om skoon te lewe was vir haar die vernaamste ding."

Tant Wonnie en haar dogters se doen en late in Vatmaar word deur hulle waardes bepaal (soos bogenoemde aanhaling toon).

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

En daar het die drie grand ou ladies van Vatmaar, Ouma Lewies, Sus Bet en Tant Wonnie, gestaan met hulle se wit voorskote aan en beste kopdoeke op.

Mineer de Bruin en Miesies de Bruin het aangery gekom met hulle Ford en naby die kerk sit en wag vir die domanie en die ouderlinge van die Pan om aan te kom. Hulle het opgedaag – vier mans en vier vrouens, die mans het swart pakke gedra en die vroue hulle beste hoede. Toe hulle uit hulle twee karre klim, het Mineer de Bruin hulle met die hand gaan groet. Hulle het stilgestaan en 'n paar woorde gewissel. Toe het die domanie voor hulle uitgeloop na waar Oom Chai en Oom Flip op hulle gewag het, Oom Chai met sy familiebybel (wat hy gesê het ouer is as hyself en in die eerste Afrikaans geskryf – waarmee hy Hoog-Hollands bedoel het) in 'n syslopie.

Die gezoem van die mense het opgehou.

Die domanie het Oom Chai en Oom Flip gegroet en hulle hande gevat. Hy het 'n paar woorde gesê en toe verder geloop. Die ander gaste het agterna gekom en die twee groot manne gegroet. Daarop het Oom Chai sy hand gelig as 'n teken dat die vuur aangesteek kan word.

Voor die toe kerkdeur het die domanie die sleutel van 'n jong dogter ontvang. Daar was twee jong dogters, albei kaalvoet en in wit rokke. Met sy arms omhoog het die domanie hardop gebid en onse kerk geseën en die deur oopgesluit.

www.mycourses.co.za

11.1 Vir watter geleentheid kom die mense hier bymekaar? (1)

11.2 Herlees reël 1 en 2.

11.2.1 Watter afleiding kan jy maak oor die Vatmaar-mense se gesindheid teenoor die drie dames uit die feit dat hulle as "die drie grand ou ladies van Vatmaar" genoem word? (1)

11.2.2 Het dié drie "grand ou ladies" dieselfde waardes as Vatmaar se mense? Verwys in jou antwoord na Sus Bet en Tant Wonnie onderskeidelik. (2)

11.3 Danksy Oom Chai gee Du Toitspan se gemeente vir Vatmaar 'n kerk.

11.3.1 Is dit regverdig dat Vatmaar vir die kerkterrein moet betaal? Motiveer jou antwoord. (1)

11.3.2 Watter DRIE voorwaardes, wat die moedergemeente stel, het op Oom Chai betrekking? (3)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


11.4 Wat het Oom Chai en Oom Flip (reël 12) onderskeidelik vroeër gedoen wat nie respek verdien nie? By watter tema sluit hulle dade aan? (3)

11.5 Waarom is die Vatmaar-inwoners én die gaste se klere sprekend van die milieu waarin die twee groepe mense hulle onderskeidelik bevind? (2)

11.6 Wie is eerste uit die kerk op Vatmaar begrawe? Is dit gepas dat hierdie persoon se begrafnis die eerste een was? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS F**

Toe die baba aan die slaap raak, bly Suzan by die venster uitkyk sonder om oor die dag van môre te dink. Met haar hand op Kenny se knie. Hy was haar eerste liefde, en net soos hy oor haar gedink het, dink sy oor hom: Ek wil altyd naby jou wees. Ek het liefde gevind en ek gaan dit vashou.

Ouboet, sê sy want sy kon die naam nie afleer nie, onthou jy toe ons kliniek toe gegaan het, het ek soos altyd die lantern aangesteek sodat dit nie donker moet wees as ons by die huis terugkom nie? Ek was so trots op daai lantern want dit was die heel eerste ding wat rêrig myne was. Ek het die bodeur oopgelos en ek wou nie teruggaan om dit te gaan toemaak nie, onthou jy? So toe die wind so skierlik opkom, het dit natuurlik eers die lantern aan die spyker laat rondswaai en dit toe afgewaai. Die paraffien het die vuur laat sprei. Dit is wat gebeur het en dit is wat Broer gesien het. Daai lamp en die wind het ons alles laat verloor.

Ek het ook al my kop gebreek oor wat kon gebreek het, sê Kenny. Dankie dat jy die geheim van ons ramp opgelos het, my Alles. Maar ons het darem nie alles verloor nie, ons het nog steeds mekaar, my Als – en hy het haar kop met altwee sy hande vasgehou en haar lank gesoen.

Onder hulle het die treinwiele oor die laste in die ysterstawe geklop.

11.7 Waarheen is Suzan en Kenny op pad? Watter innerlike konflik beleef Kenny oor die ontvangs by hulle eindbestemming? (2)

11.8 Hoekom is Suzan se trots op die lantern ironies? Motiveer jou antwoord. (1)

11.9 Nadat Tant Wonnie se huis afgebrand het, was Vatmaar nooit weer dieselfde nie. Watter TWEE redes kan jy gee om hierdie stelling te motiveer? (2)

11.10 Waarom het die kliniek (reël 5) Kaaitjie se naam én watter verband is daar tussen Kaaitjie en die baba in reël 1? (2)

11.11 Herlees reël 1 en 2 in TEKS E en reël 1 en 2 in TEKS F.

11.11.1 Watter ooreenstemmende karaktereienskappe het Suzan en Tant Wonnie? (2)

11.11.2 Dink jy Tant Wonnie het 'n bydrae gelewer tot Suzan en Kenneth se verhouding? Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

"Goed dan ... hier is die password: social engineering, Greg. Dis reg ja. Die grootste social engineering attack wat jy in jou lewe sal teëkom. En jy was die victim!"

In die roman het Eckardt se valsheid 'n invloed op Greg (soos bogenoemde aanhaling toon).

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

Maar die woorde kom nie verby sy droë keel nie.

Sy pa kyk na hom. 'n Spiertjie ruk bo-kant sy oog. Die verstarde ooglede beweeg nou.

Gaan sy pa huil? Hy het hom nog nooit sien huil nie.

Sy pa vou die pistool toe in die lap. Sy hande bewe.

"Gaan ... gaan slaap nou, my seun," stamel hy en trek 'n lessenaarlaai oop. Tydsaam druk hy die pistool daarin. Daarna strek hy sy vingers uit na 'n geel koevert wat op die tafelblad lê. Maar voor hy dit kan raak vat, kyk hy op. Sy gesig is natgehuil.

Die seun staan net daar, sy een hand steeds op die deurknop.

"Dis oukei, ek belowe," sê sy pa. "Ek ... ek sal nie ... " Die stilte word 'n spons wat die woorde moet indrink. Jy moet nie vir jou ma vertel nie. Oukei? Dis ons geheim." Sy mondhoek trek skeef toe hy probeer glimlag. "Gaan slaap nou."

Die seun se hand gly van die deurhandvatsel af en val langs sy sy. Hy sê steeds niks nie, maar binne in hom weerklink sy pa se stem.

Toe hy omdraai en kamer toe stap, hoor hy sy pa sê: "Nag. Lekker slaap ..." Sy pa sê sy naam, maar hy hoor dit nie. Sy naam los op in die donker. Verdwyn.

Maar dit is goed so, want jare later sou hy vir homself 'n ander naam kies. Een waarmee hy die vrees kon uitdryf. 'n Naam wat sê hoe dit voel om magteloos te wag vir antwoorde ...

13.1 Binne watter ruimte bevind die seun en sy pa hulle? (1)

13.2 Waarom is daar 'n rukkende spiertjie bokant die man se oog (reël 2)? (1)

13.3 Herlees reël 4.

13.3.1 In watter opsig sluit hierdie reël by die titel van die roman aan? (1)

13.3.2 Is hierdie pa 'n slagoffer van sy omstandighede? Motiveer jou antwoord. (1)

13.3.3 Wanneer het Greg sy pa vir die eerste keer sien huil? (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


13.4 Herlees reël 11.

13.4.1 Is dit regverdig teenoor Eckardt dat sy pa van hom verwag om hierdie gebeure geheim te hou? (1)

13.4.2 Watter DRIE geheime oor Greg se pa word in die afloop van die roman geopenbaar? (3)

13.5 Lees die volgende twee aanhalings:

"... maar binne in hom weerklink sy pa se stem." (Reël 14)
"Sy naam los op in die donker. Verdwyn." (Reël 16)

Op watter manier sluit hierdie TWEE aanhalings by Eckardt se latere kuberkrakernaam, Ekk-0, aan? (2)

13.6 Dink jy Eckardt het jare later werklik "magteloos" (reël 18 en 19) vir antwoorde gewag? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**EN**

**TEKS H**

Maar dis of die computer in my brein ge-crash het en ek nou in Safe Mode opgeboot is.

"Ma, sal Ma na Pa kyk? Ek moet vir inspekteur Cele bel." Dis nie oor my pa dat ek nou vir haar wil kontak nie. Sy, sersant Botha en die ander polisie-eenhede wat betrokke gaan raak, sal mettertyd van hom uitvind. Ek kan dit nie keer nie. "Ek moet haar vertel van Ekk-0."

<html>
<body>

<h><b>LOGOFF</B></H>

<P> Om af te teken van 'n rekenaar nadat jy dit gebruik het.</p>

</body>
</html>

Buite die motor gly die landskap geruisloos verby in die donker. Greg se selfoon breek die stilte. Private number, lees die selfoonskerm.

"Greg, hallo?" Hy luister. En druk dit dan net dood.

"Wie was dit?" vra sy ma moeg.

"Iemand van 'n koerant."

Sy sug. Greg draai om in sy sitplek, kyk na die motor wat hulle volg. Sy pa. Sy gesig skaars sigbaar in die donker. Hy draai weer terug. Dit is nog ver Johannesburg toe. Die motorligte vloei helder oor die teerpad.

Lux hominum vita.

Greg leun met sy kop teen die passasiersvenster. Sy tong voel dik in sy mond.

"Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie," sê hy sag.

'n Hand op sy skouer. Sy ma s'n.

Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.

Die selfoon lui weer. Die joernalis het nog nie die boodskap gekry dat hy nie met haar wil praat nie. "Net asseblief een ding, Greg," hoor hy haar sê, "die ou na wie die polisie soek – ek het twee name hier: Eckardt Wilken en Ekk-0. Is dit sy regte naam?"


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


13.7 "Ek moet vir inspekteur Cele bel." (Reël 3)

13.7.1 Watter TWEE dinge wil Greg vir inspekteur Cele vertel? (2)

13.7.2 Hoe het Greg se houding teenoor Eckardt van die graad 8's se inlywingseremonie tot nou toe verander en waarom is hierdie veranderde houding verstaanbaar? (2)

13.8 Waarom is die gebruik van die programmeringstaal in die aanhaling effektief? (1)

13.9 Herlees reël 15 en reël 27 en 28.

Die joernalis bel vir Greg om inligting oor Eckardt in te win omdat hulle Eckardt se verdwyning met Dok Pienaar se inhegtenisneming verbind.

13.9.1 Waarom is dit ironies dat Greg met hierdie joernalis geïrriteerd is? (1)

13.9.2 Watter ander TWEE brokkies inligting oor Eckhardt weet die joernaliste nog nie? (2)

13.10 "Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John." (Reël 25)

Op watter innerlike konflik dui hierdie woorde? (1)

13.11 Herlees die woorde in reël 16 van TEKS G en reël 18 en 19 van TEKS H.

13.11.1 Waarvan is die donkerte in beide hierdie tekste 'n simbool? (1)

13.11.2 Watter karaktereienskap van Eckardt en meneer Owen veroorsaak onderskeidelik dat hulle in die verhaal in 'n figuurlike donkerte verkeer? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Miss Africa en Apostel George speel albei 'n rol in Map se bevryding.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

www.mycourses.co.za

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| CAVERNELIS: | *(probeer vreedsaam verduidelik)*: Ek werk hard. |
| CYRIL: | Overtime, en Sondae oek. *(Dan baie geniepsig.)* Mister Cavernelis en Blanchie ... Ja-nee, 'is true – julle is baie hardwerkende mense! Julle kyk mos neer op onse mense hier, julle wil mos hierso van ons af weg! Okay, 'is te verstane! |
| TOMMY: | Hê, stop 'it nou regtig, man! Stop 'it nou! |
| CAVERNELIS: | *(hulpeloos, maar dreigend)*: Julle laat staan vir Blanchie! |
| CYRIL: | En hoekom nogal? 'Is mos die waarheid. Blanchie werk oek mos overtime, even Sondae oek! Net soes jy, ou dad ... jy moet jou soft goods en Blanchie, well ... Maar nou ja, geld is geld – it knows no colour, creed or race, soes daai whitey-vrinne van julle oek sê! *Mister Cavernelis staan net daar met die fiets, sy lippe beweeg, maar hy sê niks.* |
| RICHIE: | Dis colour-blind, ja. |
| CAVERNELIS: | *(met lippe wat bewe)*: Wat het julle teen Blanchie, hê? Wat het julle teen haar? *TOMMY, wat moeilikheid sien kom, kom nader en staan tussen Cyril en Cavernelis.* |
| TOMMY: | Ek sê, stop 'it nou, man! |
| CYRIL: | *(oor Tommy se kop)*: Nee, nie tien Blanchie nie, ou dad, nie tien háár nie, dis tien jóú ... |
| TOMMY: | Hê, kamaan, man ... |
| CAVERNELIS: | Wat meen jy? Hê? Wat bedoel jy, teen my? *(Hy sit die fiets stadig neer, plat op die grond, dreigend.)* |
| CYRIL: | Mind jou suitcase, ou dad. Netnou kry die soft goods seer. |
| CAVERNELIS: | Jy's 'n va ... 'n bliksem, jy! |
| CYRIL: | Sê ma' vark, ou dad. Dan praat jy mos onse taal, hierso vannie township, mister Cavernelis. Dán kan ons same praat ... |
| CAVERNELIS: | Laat stáán julle vir Blanchie! Wat meen jy, teen my? |
| TOMMY: | Manne ... Please, please ... |

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


15.1 Waar is mister Cavernelis werksaam? (1)

15.2 Herlees reël 4 en 5.

Waarom is dit te verstane dat die Cavernelis-gesin uit die township wil wegkom? (1)

15.3 "Maar nou ja, geld is geld – it knows no colour, creed or race ..."

Waarvan beskuldig Cyril Blanchie met sy woorde? Het hy 'n bewys vir sy beskuldiging? Motiveer jou antwoord. (2)

15.4 Herlees reëls 12 tot 21.

15.4.1 Gee 'n rede vir Cavernelis se reaksie in die toneelaanwysing in reël 12 en 13. (1)

15.4.2 Watter afleiding kan jy maak oor die aard van die verhouding tussen Cyril en Cavernelis? (1)

15.4.3 Waaroor verwyt Blanchie vir Cavernelis in die afloop van die drama? Waarom is dié verwyt teenoor Cavernelis ironies? (2)

15.5 Herlees reël 27 en 28.

Wat wil Cyril met sy woorde bereik? Pas sy woorde by sy karakter? Motiveer jou antwoord. (2)

15.6 Wat is mister Cavernelis se droom? Dink jy dié droom is selfsugtig? Motiveer jou antwoord. (2)

15.7 Ten spyte van hulle uitsiglose bestaan, bied die ruimte waarin Tommy, Cyril en Richie hulle bevind tog bevryding.

Lewer kommentaar op hierdie stelling met behulp van TWEE motiverings. (2)

**EN**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


**TEKS J**

TOMMY: Sal glo oek 'n wit ou se laaitie gewies het, ek wiet nou nie is 'it dieselde ou wat vir haar nou so supply nie, ek mien soos die mense maar praat ... 'n Abortion, imagine, maar, well, as jy daai soorte connections het, soes Blanchie, dan kry jy seker baie reg ... Só was die rumour, en ek moet weer sê, Map, 'it was 'n rumour, niks wat ek personally van wiet nie ...  After all, 'is tog nie Tommy Sobotker se biesagheit nie ...

TOMMY: *Hy rook. Map staar, stil.*
Maar het jy vir Blanchie al gesién? ...

TOMMY: *Map staar.*
Map!
*Map is stil, starend.*

TOMMY: Map, lyster jy?! Maar ek niem jou oek nie kwalik nie, hél, 'it moet toughies wies, ek mien om weer aan die gang te kom hierso bytekant, ná al die tyd daarso binnekant ... *(Voel ongemaklik daaroor dat Map nie praat nie; praat somaar maar.)* So, dié Krismis is jy seker weer terug innie band ...
*Stilte.*

TOMMY: Hulle't vir lank nie 'n sax gehad nie ...
*Maar Map sê niks.*

TOMMY: Kaffi'tjie Arries het getry, maar well, saxophone is nie sý instrument nie ... Hy's mos die banjo, jy wiet ... 'Cause die sax is special, en daai was jy ... jóú department daai! *(Is ongemaklik, maar praat voort.)* Ek onthou nog, die jaar, so twee jaar, drie jaar voor jou ... trouble, man ... toe julle al die koppe gevat het daar op die Common ... 'it wás mos die Common ... reg, 'it was nie daai jaar op die Stadium nie ...

www.mycourses.co.za

15.8 Herlees reël 3 en 4.

Watter DRIE ander skinderstories wat Tommy versprei, weerspreek sy woorde in reël 6 en 7? (3)

15.9 In reël 14 en 15 word na "bytekant" en "binnekant" verwys. Waarop dui elkeen van die woorde binne konteks? Watter woord in reëls 13 tot 17 sluit by die "binnekant" aan? (3)

15.10 Wat is die funksie van die beletseltekens/ellipse in reël 24? (1)

15.11 Wat is die doelstelling met Map se stilte in TEKS I? (1)

15.12 Herlees reëls 8 tot 11 én reëls 14 tot 18 in TEKS I asook reëls 12 tot 17 in TEKS J.

15.12.1 Hoe beïnvloed dié "Krismis" enersyds Blanchie, en andersyds Map se lewe? (2)

15.12.2 Hoekom word dié "Krismis" vir Blanchie en Map se verhouding 'n goeie Krismis? (1)

**[25]**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Gabriël se afwesigheid en Konstabel se teenwoordigheid beïnvloed Meisie se optrede aan die einde van die drama.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

www.mycourses.co.za

| | |
|---|---|
| | *'n Effens ongemaklike stilte.* |
| GERTIE: | En waar kom u vandaan, Konstabel? |
| KONSTABEL: | O, hier en daar. Nooit lank op dieselfde dorp nie. Ek word gebruik vir … spesiale gevalle. |
| MIEM: | So, u is natuurlik hier oor die verdwynings, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Dis reg, ja. Oor die verdwynings. Maar hulle het my nie volledig ingelig nie. Hulle sê altyd hoe minder ek weet, hoe beter. |
| MIEM: | *(opgewonde)* Nou, ek kan vir u alles vertel. Dit het twee jaar gelede begin. Meisie! |
| MEISIE: | *(verskrik)* Ja, Ma? |
| MIEM: | Vat die sakke wat klaar is en stapel hulle op die sakke wat buite lê. |
| MEISIE: | Maar ek maak vir die konstabel koffie. |
| GERTIE: | Toe maar, ek sal dit doen. |
| MIEM: | Meisie, maak nou soos ek sê! |
| | *MEISIE beweeg vinnig na die sakke in die hoek.* |
| MIEM: | *(agter haar hand)* Konstabel, sy is nog so jonk en onskuldig. Ek wil nie hê sy moet die dinge hoor nie. |
| | *MEISIE sleep die sakke na die deur.* |
| MIEM: | Meisie, los die deur oop as jy uitgaan. Dan kan ons hoor as jy gil. |
| KONSTABEL: | U is baie verstandig. |
| MEISIE: | Ja, Ma. (*Maak die deur oop en sleep die sakke na buite. Die gaasdeur klap toe.)* |
| | *Die sirkusmusiek kan gehoor word. Die KONSTABEL draai sy kop na die deur asof hy daarna luister.* |
| MIEM: | Dit het alles twee jaar gelede begin. |
| GERTIE: | *(kom gretig nader)* Met Sannie Koen! |
| | *Die KONSTABEL draai sy kop na MIEM en GERTIE.* |
| MIEM: | Eers het almal gedink sy het sommer weggeloop. En dit oor haar ma se ipekonders. Maar *(onheilspellend)* wat sou ek toe hoor? Sy het geen tas gevat nie ... |

17.1 Wat het Miem beïnvloed om 'n wildvreemde man te vertrou? (1)

17.2 Wat is die funksie van die beletselteken/ellips in reël 4? (1)


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


17.3 Gee DRIE redes waarom die "verdwynings" Miem se gesprek oorheers. (3)

17.4 Herlees reël 6 en 7.

Watter karaktereienskap van die konstabel kom in hierdie reëls na vore? Noem TWEE ander sake waaroor hy nie "volledig ingelig" is nie. (3)

17.5 Herlees reëls 10 tot 13.

17.5.1 Gee 'n rede vir Meisie se reaksie in die toneelaanwysings in reël 10. (1)

17.5.2 Watter afleiding kan jy maak oor die aard van die verhouding tussen Miem en Meisie? (1)

17.5.3 In watter opsig dra hierdie verhouding tot Meisie se besluit in die afloop van die drama by? (1)

17.6 Herlees reël 19 en 20.

Waarom is Miem se woorde ironies? Dink jy Konstabel is opreg met sy kompliment aan Miem? Motiveer jou antwoord. (2)

www.mycourses.co.za

**EN**

**TEKS L**

GERTIE: Waar bly hulle? Kan jy iets sien?
MIEM: *(byna teer)* Ja. Onder die perskeboom. Hulle praat met mekaar.
GERTIE: *(vinnig op)* Laat ek sien. *(Beweeg na die deur)*
MIEM: Pasop. Daar is 'n spatsel!
*GERTIE spring oor die spatsel.*
GERTIE: *(loer uit)* Vir wat fluister hulle so? En staan so dig teen mekaar?
MIEM: Daar's niks mee verkeerd nie. Hy is 'n gawe jong man.
GERTIE: Hy's veels te oud vir haar.
MIEM: Aag nee wat, Gertie. So 'n paar in die twintig sou ek sê.
GERTIE: Ek is jammer Miem, maar daar maak jy 'n fout. 'n Blinde mens lyk altyd jonger.
MIEM: Praat tog sagter. Netnou hoor hy jou. Wie weet, miskien is sy ore so goed soos sy neus. Gertie! Moet net nie daarin trap nie. *(Kyk uit. Dromerig)* As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees as sy dogter weggegee word deur 'n ander man.
GERTIE: *(skielik skel en hard)* Kom in, julle twee! Julle wil nie koue vat nie!
MIEM: *(kwaad)* Gertie!
*GERTIE lyk verleë en gaan sit by die stoof. MEISIE lei die KONSTABEL binne. Haar wange gloei en haar oë blink. Sy maak die agterdeur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.*
GERTIE: *(half verleë)* Ek weet jou sirkulasie is nie goed nie, Meisie. Sy is baie koulik, Konstabel. Ek dink dis van al die sit.
MIEM: *(kyk op na die valdeur. Hard)* Laat sak!
GERTIE: Ek gee mos liggaamsopvoeding, Konstabel. En dis waarin ek glo. *(Spring op en doen vinnig 'n paar oefeninge)* Diep asemhaal en oefening. Kyk maar vir my. My hande is nooit koud nie.


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


17.7 Watter DRIE opdragte gee Konstabel vir Meisie onder die perskeboom? (3)

17.8 Waarom keur Gertie die konstabel en Meisie se alleenwees af? (1)

17.9 Die lewensomstandighede waarbinne Miem en Gertie (reëls 12 tot 15) hulle bevind, beperk hulle vryheid.

Lewer kommentaar op hierdie stelling deur na die dames onderskeidelik te verwys. (2)

17.10 Wat is die doelstelling met die beskrywing van Meisie se voorkoms in reël 19? (1)

17.11 Herlees reël 20.

Waarom is Meisie betower deur die sirkusmusiek? Dra die sirkusmusiek in die afloop van die drama tot haar optrede by? Motiveer jou antwoord. (2)

17.12 Herlees reëls 16 tot 18 in TEKS K en reël 4 in TEKS L.

17.12.1 Op watter manier sluit reël 18 van TEKS K en reël 4 van TEKS L onderskeidelik by die titel van die drama aan? (2)

17.12.2 Sluit die titel van die drama ook by Miem se siening, naamlik dat Meisie "onskuldig" (reël 16 van TEKS K) is, aan? Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

| GOEDGEKEUR: UMALUSI | GOEDGEKEUR: DBE |
|---|---|
| 4 Desember 2022 | 4 Desember 2022 |

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 68 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## RIGLYNE VIR NASIENERS

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduideliking gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

S/R/T

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
    - Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 stylfiguur, 1 retoriese middel en 1 tipografiese middel.
    - Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

www.mycourses.co.za

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Stylfigure:** | | |
| **'n Sinekdogee aan die begin van die gedig plaas die soeklig op die wanopvatting oor digters.** | Die spreker verwys na die gewone mens(-e) wat "so baie bek oorie poet" het, om aan te toon hoe maklik verkeerde inligting/kritiek oor digters versprei word./Baie meer as net hulle "monde" word bedoel. | Versreël 3: *Djulle het so baie bek oorie poet, ma wié's hy?* |
| **Ook in versreël 13 word 'n sinekdogee gebruik om die klem te laat val op "gladde bek" wat "verkoep" word, waarmee die spreker ten doel het om die kontras tussen die maklike manier waarop die gewone mense dig/aktuele sake bespreek en die sogenaamde digters te stel.** | Terwyl mense onder die wanindruk verkeer dat digters agter toe deure in spesifieke plekke sit en gedigte uitdink, beklemtoon die spreker dat gewone mense digters is, want hulle kan so maklik praat/ stories met ander deel én verkeerde sake in die gemeenskap uitlig. | Versreëls 13 tot 15: *... ennie gladde bek verkoep ma die dinge sien en soema net daa God tien hulle roep!* |
| **Kontras word aan die begin van strofe 2 gebruik om die wanpersepsie oor digters uit die weg te ruim.** | Die spreker stel dit duidelik dat mense verkeerd dink oor digters: hy gebruik die woorde "Nai", "mistaken" en "nie hy nie" om die wanpersepsie met die waarheid/werklikheid te kontrasteer. | Versreëls 8 tot 10: *Nai, djulle is mistaken, nie hy nie* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
...LIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| | Die spreker gebruik ook die woord "ma" om die verkeerde indruk oor digters reg te stel: hy/sy kontrasteer die tradisionele opvatting "nie hy nie" met "ma djúlle is die poets" om sodoende aan die regte "poets"/digters erkenning te gee./Die spreker stel dus telkens die verkeerde indruk teenoor dit wat die ware toedrag van sake is. | Versreëls 8 tot 11: *Nai, djulle is mistaken, nie hy nie ma djúlle is die poets, ...* |
| **Retoriese middel:** | | |
| **Die herhaling van die retoriese vraag "wie's hy?" word gebruik om die wanpersepsies van die digterskap in te lei.** | Die spreker herhaal die vraag "wie's hy?" om te beklemtoon dat die gewone mens se indruk van die digter foutief is. | Versreëls 1 tot 4: *Die poet, wie's hy? Djúlle het so baie bek oorie poet, ma wie's hy?* |
| **Herhaling word in die gedig gebruik om die verkeerde indruk wat mense van digters het, te verander.** | Die herhalende gebruik van 'n enkele woord soos "Djúlle" in versreëls 5, 9, 11 en 12 wil die wanpersepsie wat mense het, reg stel. | Versreël 5: *Is hy rêrag soes djulle dink ...*<br>Versreël 9: *djulle's mistaken*<br>Versreël 11: *... ma djúlle is die poets ...* |
| **Tipografie** | | |
| **Whitey se woorde dat Baas Manaka toe gestuur is om mense te help, plaas Ouma Essie se woorde in perspektief.** | Baas leer by Whitey dat dit 'n familiekwaal is om by mense betrokke te raak en mense te help. | Bl. 178: " ... *Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis 'n familiekwaal ..."* |
| **As Baas in sy ma se Bybel sien sy het sy naam en geboortedatum daarin geskryf, besef hy dat ook sý 'n ander droom/doel vir hom, haar kind, se lewe gehad het.** | Hy verval toenemend in herinneringe aan kerkdienste en bidure van sy kinderjare in sy soeke na die antwoord oor wat van 'n mens 'n Christen maak./'n oplossing vir sy stryd. | Bl. 103: *Die wysie wat sy neurie ... klink vir hom soos "Bly by my, Heer", een van die kerkliedjies wat hy uit sy jeugjare onthou.*<br><br>Bl. 159: *Daar het mense op die plaas gekom. Sy pa het gesê hulle is van die AEB. Hulle het saans bidure gehou. Die bure het ook gekom ...* |
| **Baas stry nie meer teen die gedagte van 'n roeping en Christenskap nie. Hy lê die droom van onbetrokkenheid en 'n toerismebesigheid af.** | Hy gaan lees Romeine 10, Ouma Essie se verse, in Whitey se Bybel. | Bl. 210: *Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie,* het hy in Whitey se Bybel *gelees. Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie. Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?* |
| | Whitey noem aan Baas dat hy wonder of die oupagrootjie 'n Christen was voor hy Manaka toe gekom het en of hy dit op Manaka geword het – en dit laat Baas besef dat die oupagrootjie se droom moont-lik op Manaka verander het. | Bl. 224: *"Mense soos jy, Baas, ek ook, for that matter, ek wonder baie oor ons ... En my oupagrootjie. Dit tickle my. Sou hy 'n Christen gewees het voor hy Afrika toe gekom het, dink jy? ... Dis 'n wêreld hierdie wat 'n mens maklik 'n Christen kan laat word."* |
| | Baas se eerste daad as sendeling, naamlik om 'n Bybel aan iemand te gee, vervul hy deur die oupagrootjie se Bybel aan Whitey te gee. | Bl. 226: *Baas gee vir hom die Bybel. "Vat dit vir jou. Ek het nog een," sê hy.* |
| | Al die verskillende ervarings op Manaka maak skielik vir Baas, in die groter prentjie van sy roeping na Manaka, sin. | Bl. 234: *Die klanke van Nanna se kitaar dryf na hom toe aan. Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê ... En hoe 'n kampvuur in die nag werk ... waar Manuel ... sit en wag vir iemand om sy siek kind gesond te maak?* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| **Uiteindelik aanvaar Baas sy roeping as geestelike leier op Manaka, net soos sy oupagrootjie – dit word sy nuwe identiteit.** | Baas aanvaar sy roeping en verantwoordelikheid teenoor die mense van Manaka. Hy vind homself en besef dat ouma Essie se woorde kosbare waarheid dra: soos sy oupagrootjie, moet hy diensbaar wees. | Bl. 243: *"Dankie, ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."*<br><br>Bl. 243: *"Meneer Baas kan vir ons bid," sê meneer Jos. Die mense om die bed vat hande ...*<br>Bl. 244: *"Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

[25]

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Manaka/Barotseland/die sendingstasie ✓ | 1 |
| 9.2 | Ja<br>Baas het teen sy sin sy laaste malariapille aan Grace gegee en toe self malaria opgedoen./kan homself nie keer om ander mense te help nie./is so oorval deur mense in nood dat hy nie aanhoudend nee kon sê nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Baas weier aanvanklik om die pille na Grace te neem, maar verander later van plan./maak dit van die begin af duidelik dat hy nie Manaka toe gekom het om mense te help nie en besluit self anders. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.3.1 | Manuel se dogtertjie ✓<br><br>**EN**<br><br>Baas koop/neem daarna elke maand vir Manuel en sy gesin kos./Baas help daarna ook ander mense in nood. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.3.2 | Baas wil nie by die mense van Manaka betrokke raak nie, maar hy kan homself nie keer om mense in nood te help nie./alleen gelos word om sy boot te bou, maar al hoe meer mense kom na hom toe vir hulp. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Whitey ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.4.1 | Ja<br>Baas is siek/het malaria/is koorsig/deurmekaar en kan nie geblameer word vir sy ongeskiktheid nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Grace is die enigste een wat vir Baas in sy siektetoestand help./verdien dat hy dankbaar is vir haar hulp. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| 9.4.2 | Die sendelinge/Du Pisani's/Nanna en Griesel (du Pisani)/oom Scholtzie ✓<br><br>**EN**<br><br>Nanna (du Pisani) laat Baas besef dat hy alleen is, net soos die roep van die moerasfiskale hom daaraan herinner dat hy nie 'n maat het nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.5.1 | Grace se noemnaam is dieselfde as Baas se ma se naam. ✓<br>Grace se stamnaam/Tibelelo is dieselfde as die oupagrootjie se eerste vrou se naam. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.5.2 | Riekert ✓ | 1 |
| 9.6 | Aanvanklik is Baas geïrriteerd/ongeskik met Grace/wens dat Grace hom wil uitlos, maar later laat hy haar toe om as voorsiener/verkoper van sy vleis/versorger van hom/sy honde op te tree. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Baas besef dat hy vir Grace nodig het as hy nie meer geld het nie./sien dat Grace beter ruilhandel met die Lozi-mense doen./besef dat hy 'n vrou se hand in sy lewe mis./gevoelens vir haar ontwikkel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.7 | Sy leer hom dat jy alle mense met respek moet hanteer.<br>Sy leer hom die Lozi-kultuur ken.<br>Sy leer hom dat mense vir mekaar moet sorg (soos sy daar doen). ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.8 | Die oupagrootjie se skoonpa/skoonfamilie het sy kind weggevat (na sy vrou se dood) omdat hy nog lobolaskuld gehad het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Baas betaal mnr. Johnnie se uitstaande lobolaskuld (wat dieselfde as die oupagrootjie s'n is) sodat hy sy vrou en kind terug kan kry. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| 9.9 | Nee<br>Die man na wie Whitey verwys/Whitey se oupagrootjie/die Kanadees is ook Baas se oupagrootjie./<br>Baas soek al heeltyd na meer inligting oor die oupagrootjie./het al selfs vir ouma Essie oor hom uitgevra./<br>Whitey dien as bron van inligting oor die ontbrekende inligting oor die oupagrootjie wat Baas nie weet nie./<br>Baas besef dat hy ook oor inligting oor die oupagrootjie beskik wat hy vir Whitey kan vertel. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 9.10 | Whitey gee vir Baas (en Grace) 'n gratis geleentheid terug Manaka toe (met sy houtlorrie). ✓ | 1 |
| 9.11 | Ubuntu/Die wat het, help diegene wat nie het nie. ✓ | 1 |
| 9.12 | Grace dra kos aan vir Baas en sy honde./kook kos vir Baas en sy honde./maak seker daar is kos vir hom deur sy ruilhandel/verkope te behartig./Grace voorsien Baas van die nodige inligting oor die khuta./tradisies van die Lozistam. ✓<br>Whitey voorsien Baas van die nodige inligting oor die oupagrootjie./houtplanke vir die houtbankies onder die worsboom.✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## *VATMAAR* – AHM SCHOLTZ

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| Tant Wonnie | | |
| **In die roman is dit uit die staanspoor duidelik dat Tant Wonnie volgens vaste beginsels lewe.** | Tant Wonnie sê dat hulle nie die kerksaal verniet moet verwag nie, hulle moet daarvoor werk. | Bl. 33: *Ons kan nie verwag om die kerksaal en sy staanplek verniet te kry nie. Ons is nie daaraan gewoond om dinge vir niks te kry nie. Ons het nog altyd gewerk vir wat ons wil hê.* |
| | Tant Wonnie besluit dat die kerkerf gekoop moet word en vaardig 'n seuntjie en dogtertjie af om geld by die mense te kollekteer. | Bl. 33: *Sy het twee aangewys: Loop by elke huisgesin langs en hulle sal iets in die sakkie sit. Mense, gee met 'n goeie hart, het sy gesê, dit maak nie saak hoe min dit is nie.* |
| | Indien 'n huisgesin nie kan gee nie, moet hulle slegs hul hand op die sakkie sit, want dit sal hul seën bevestig. | Bl. 33: *as daar 'n gesin is wat niks het om in die twaksakkie te sit nie, sê dan vir die tante of die oom om net aan die sakkie te raak sodat ons hulle seëning kan hê.* |
| **Tant Wonnie het alles in haar vermoë gedoen om huisvesting vir haar en haar twee dogters te kry, al moes sy haar trots in haar sak steek.** | Tant Wonnie woon in 'n kamer van 'n huis wat sy aan Mister Wingrove verkoop het – leef op ander se genade. | Bl. 110: *... , moes Tant Wonnie die groot huis aan Mister Wingrove verkoop. Sy het net die buitekamer uitgehou en gesê een kamer is beter as geen kamer nie.* |
| **Tant Wonnie glo sy moet deel soos in die geval met water en vleis.** | Tant Wonnie deel met die armes van Vatmaar, sy kon water gee soos sy wil en as daar 'n slagding is, het sy vleis ook gedeel. | Bl. 111: *... , sal die water lewenslank aan Tant Wonnie behoort. Sy kon dit weggee soos sy wou. En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| **Tant Wonnie vra nie 'n vaste prys vir haar medisyne wat sy aan die inwoners voorsien nie.** | Mense betaal soms met sout vir hul medisyne, omdat Tant Wonnie sê hulle kan gee wat hulle wil. | Bl. 111: *Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie, ook al het hulle haar reguit gevra. Sy het net gesê: Gee wat jy wil.* |
| **Tant Wonnie is onwrikbaar in haar geloof – sy glo sonder om te twyfel.** | Tant Wonnie se behoefte aan God se Woord is deurlopend en sy het geglo; sonder twyfel | Bl. 112: *Tant Wonnie was uit-gehonger na die Woord van God. Sy het dit geglo soos sy dit gehoor het en nooit enige vrae gevra nie.* |
| **Tant Wonnie skroom nie om vir Suzan die waarheid te vertel wat die Venter-seuns met haar probeer nie.** | Tant Wonnie praat reguit met Suzan en sê vir haar dat die seuns seks met haar wil hê, netso sal ouer mans ook alles probeer om 'n jong meisie vir dieselfde doel aan te keer. | Bl. 113: *... ek gaan jou nou vertel wat my ma vir my vertel het toe ek so oud soos jy was. Mans, het sy gesê, sal alles doen om 'n jong meisie soos jy in die hande te kry, veral ouer mans. Hulle verkies om by jong meisies te slaap want hulle sê dit laat hulle jonger voel. Jy weet wat ek bedoel met slaap?* |
| **Tant Wonnie begin skoon toe sy van Sannah se begrafnis kom en haar buitekamer is geplunder.** | Die buitekamer is gestroop daarom besluit Tant Wonnie om met die geld tot haar beskikking die buitekamer weer op te knap. | Bl. 136: *Sy en Suzan het 'n nuwe lewe in armoede begin, met net Kaaitjie se tien sjielings 'n maand wat sy by Mevrou Bosman verdien het.* |
| **Tant Wonnie vlek in die hof haar geskiedenis van haar en haar man oop.** | Tant Wonnie verklaar in die hof dat sy die eerste keer praat oor haar "huwelik". | Bl. 179: *Mineer, het sy gesê, dit is die eerste keer lat ek met iemand van my troue praat.* |
| Kaaitjie | | |
| **Kaatjie en haar ma het 'n goeie verhouding met mekaar, alhoewel sy in die Pan gewerk het.** | Kaaitjie het in die Pan gewerk en het seker gemaak sy kom net een keer 'n maand op 'n Sondag kuier. | Bl. 111: *Tant Wonnie en Suzan het goed klaar gekom. Sy en Kaaitjie, haar oudste dogter, ook, maar Kaatjie het in die Pan by Miesies Bosman gewerk en net een Sondag elke maand kom kuier.* |
| **Kaaitjie is pligsgetrou, want toe Suzan onverwags opdaag, wil sy eers haar werk klaarmaak, alvorens hulle kan praat.** | Kaaitjie laat Suzan wag; sy wil eers die kinders was voordat hulle kan gesels. | Bl. 146: *Hou nou op, my suster, daar is nie nou tyd om te praat nie, sê Kaatjie. Sit hier op die klip. Ek moet net gou die kinders gaan was.* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| **Kaaitjie doen die regte ding deur mevrou Bosman toestemming te vra as Suzan onverwags opdaag.** | Kaaitjie neem nie net aan dat sy daar mag slaap net omdat Suzan haar suster is nie; Kaaitjie tree reg op om toestemming te vra. | Bl. 147: *Ek het die miesies gevra of my suster vanaand by my mag slaap.* |
| **Kaaitjie doen haar tekort om haar bord kos vir Suzan te gee.** | Kaaitjie gee haar kos vir Suzan sonder om twee keer te dink toe Mevrou Bosman sê sy het nie nog kos vir die suster nie. | Bl. 147: *Ek het nie kos vir jou suster ook nie. Dankie, Miesies. Kaaitjie het die bord voor Suzan gesit. Eet jy maar.* |
| **Kaaitjie gee haarself met hart en siel in haar verhouding met Kenneth.** | Kaaitjie weet presies watter tyd Kenneth kom kuier, derhalwe is woorde nie nodig wanneer hulle herenig nie. | Bl. 148: *... : Kan ek inkom? Kaaitjie het stil bly staan en sonder om 'n woord te sê haar arms oopgemaak. Hy het oor die drumpel gestap en hulle het mekaar styf vasgehou.* |
| **Kaaitjie tree in haar handel en wandel so op dat sy nie ander mense ontstel nie.** | Kaaitjie reageer positief toe Kenneth sê as hy vir haar gaan kom kuier, gaan hy hom gedra, waarop Kaaitjie sê dat sy haar ook sal gedra. | Bl. 150: *Ek wil graag vir jou kom kuier. Ek belowe jou, Kaaitjie, ek sal my gedra. ... Ek sal myself ook gedra, Mineer, het sy geantwoord.* |
| Suzan | | |
| **Suzan en haar ma staan in 'n goeie verhouding en hulle teenwoordigheid bymekaar het nie woorde nodig nie.** | Wanneer Suzan en haar ma in mekaar se teenwoordigheid is, is woorde nie nodig om hulle bewus te maak van mekaar nie. | Bl. 111: *Tant Wonnie en Suzan het goed klaar gekom. ... Tant Wonnie en Suzan het soms ure lank saam gesit sonder om 'n woord te sê.* |
| **Suzan leef haar geloof uit deur te bid vir elke nuwe dag en die kos wat hulle eet.** | Suzan dank God vir elke nuwe dag en die ete – al eet hulle net een keer 'n dag. | Bl. 112: *... die twee op hulle se knieë gegaan en God gedank vir die koms van die dag. Hulle het gewoonlik net een keer 'n dag geëet, en dan het die twee bymekaar gestaan, ... en gesê: Dankie Vader ...* |
| **Suzan is die vriendelikheid self; sy het almal met 'n glimlag gegroet.** | Suzan se vriendelikheid het gemaak dat haar ma haar aan almal aanbeveel het, indien daar iets gedoen moet word. | Bl. 112: *Suzan het almal met 'n glimlag gegroet, wat meer as woorde gesê het. ... As enigiemand iets gedoen wou hê, is daar altyd gesê: Gaan vra vir Suzan.* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| **Suzan is 'n broodwinner en werk oral waar daar iets is om te doen.** | Almal vra Suzan as hulle iets gedoen wil hê. Sy werk by Oom Chai en melk Antie Venter se koeie. | Bl. 113: *Suzan was haar ma se broodwinner. Sy het gereeld Oom Chai se huis aan die kant gemaak, maar soggens vroeg moes sy eers na die Venters toe om hulle troppie Switserse en ander melkbokke te melk.* |
| **Suzan wil nie lastig wees of mense pla nie.** | Suzan wil nooit Auntie Venter vroeg wakker maak vir die melkemmers wat sy gebruik wanneer sy die koeie gemelk het nie, maar het liewer gevra dat dit al die vorige middag uitgesit moet word. | Bl. 113: *Sy het Antie Venter gevra om dit die vorige dag al daar neer te sit sodat sy hulle nie so vroeg hoef wakker te maak nie.* |
| **Suzan steek niks weg vir haar ma nie.** | Toe die Venter-seuns gedurig aan Suzan vat, aan haar hare en wange, wonder sy en vra haar ma een aand. | Bl. 113: *Hulle wou altyd aan Suzan vat en het aanmekaar probeer om aan haar hare en haar wange te raak. Hoekom? Een aand het sy dit vir haar ma gevra.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Vir die inwyding van die kerk ✓ | 1 |
| 11.2.1 | Die Vatmaar-mense het respek/waardering/agting vir die dames (se lewenswaardes).✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.2.2 | Nee<br>Sus Bet het, anders as Vatmaar se mense, haar besittings opgepas./geglo die kultuurerfenis moet behoue bly./was die enigste een wat Ta Vuurmaak tot die einde versorg het.<br><br>Tant Wonnie was, anders as Vatmaar se mense, trots./het geglo jy moet werk vir wat jy wil hê./haar godsdienstige waardes uitgeleef./het skoon volgens haar waardes geleef./ Tant Wonnie was altyd dankbaar./nie haatdraend of wrokkig nie./<br>Haar innerlike waardes het by haar uitgestraal sodat mense vir haar respek gehad het./sy het geglo geld kan nie alles koop nie.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Sus Bet: het geglo 'n mens moet skelm-slim wees./nie uitgevang word as jy skelm is nie (net soos Vatmaar se mense).✓<br><br>Tant Wonnie: het omgegee/naasteliefde uitgeleef soos Vatmaar se mense. ✓<br><br>*Die kandidaat mag 'n JA-antwoord by een karakter en 'n NEE-antwoord by die ander karakter gee.*<br>*Die kandidaat MOET na albei karakters AFSONDERLIK vir een punt elk verwys.* | 1<br><br>1 |
| 11.3.1 | Ja<br>Tant Wonnie sê aan hulle dat hulle moet werk vir dit wat hulle wil hê.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is vir Du Toitspan 'n terrein vir 'n kerk opsy gesit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.3.2 | Een van die ouderlinge van die moedergemeente moet Oom Chai ontmoet (om die mense van Vatmaar te leer ken). ✓<br>Oom Chai sal die ouderling van die kerk wees wat moet toesien dat alles op 'n Christelike manier gedoen word. ✓<br>As daar nie 'n ouderling van die moedergemeente beskikbaar is nie, moet oom Chai vir die diens sorg. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| 11.4 | Oom Chai het die bruikbare items van die afgebrande huise gevat. ✓<br>Oom Flip het diamante gevat. ✓<br><br>**EN**<br><br>Vat wat jy nodig het. ✓ | 2<br><br><br><br>1 |
| 11.5 | Die mense van Vatmaar dra die beste klere wat hulle besit uit respek vir die kerk. ✓<br>Die mense van Du Toitspan het deftig/spoggerig aangetrek as teken van hulle welvaart. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 11.6 | Ouma Lewies ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Haar man/Oupa Lewies was betrokke by die onderhandelings van die oprigting van die kerk. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.7 | Na Kenneth se ouerhuis/Kimberley ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy het gewroeg met die onsekerheid of sy ouers vir hom en Suzan gaan aanvaar of wegjaag./<br>Hy is lief vir Suzan, alhoewel sy ongeletterd is, maar hy weet sy ouers wil hê dat hy met 'n geleerde vrou trou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.8 | 'n Mens sou verwag dat iets waarop jy trots is, voordelig sal wees, maar nou bring dit hartseer./dakloosheid. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.9 | Tant Wonnie se kinders is nooit weer gesien nie. ✓<br>Alles wat sy verteenwoordig het, is weg. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| 11.10 | Kenneth bou 'n kliniek wat na Kathrina se dood na haar vernoem is./<br>Hy bou die kliniek ter nagedagtenis aan Kaaitjie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die baba/Heinrich is Kaaitjie se kind.✓ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.11.1 | Hulle albei gee om vir ander mense./<br>Hulle is hulpvaardig./<br>Hulle is vriendelik./<br>Hulle is mededeelsaam./<br>Hulle is diep gelowig./<br>Hulle is dankbaar. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.11.2 | Ja<br>Aangesien Tant Wonnie Kenneth as die pa van die baba aanvaar, is dit vir Suzan makliker om met hom te assosieer. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[25]** |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



***NDERWÊRELD*** **– Fanie Viljoen**

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

V

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE BEWYS of AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Eckardt se valsheid teenoor Greg begin wanneer hy hom onder 'n valse identiteit by die skool inskryf en reeds op die eerste dag 'n invloed op Greg het.** | Greg glo dat Eckardt 'n nuweling by die skool is sonder om dit werklik te bevraagteken dat Eckardt as 'n nuwe leerder in sy matriekjaar by die skool aansluit. | Bl. 53: *Kan jy nou meer? In ons laaste jaar. Sy pa moet connections uit 'n ander wêreld hê.* |
| | Greg word dadelik berekend deur Eckardt uitgedaag deur die boodskap wat hy met sy houding uitstuur, naamlik dat hy hom nie gaan onderwerp aan die skool se tradisionele manier van doen nie. | Bl. 53: *Moeilikheid, sien ek. Hierdie ou soek moeilikheid ... Ek frons, weet nie wat hy bedoel nie. Ek kan sien hy weet dit ... Hy kan nou wegloop, dink ek, maar ons sal mekaar weer sien ... Hy moet nie dink hy kan hier aankom met 'n houding nie. Ek en 'n paar van my pelle sal hom gou uitsort. Nes ons die graadagts gaan uitsort. Hardegat word sagtegat.* |
| | Tydens die Trapper-oriëntasie word Greg weer eens deur Eckardt se kyk, wat hom aan John herinner, gemanipuleer, sodat Greg nie vir Eckardt in die tonnel afstuur nie – en so begin hy om sy jaargroep van hom te vervreem. | Bl. 61: *Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë. Alles presies net soos my broer s'n.*<br><br>Bl. 63: *Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte. Maar ek gee nie om nie. Ek moes dit doen.* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| **Eckardt begin 'n valse vriendskap met Greg smee; uiteindelik het dit verreikende gevolge vir Greg.** | Greg word verblind deur Eckardt se valse aanbod as hy Greg kamtig gaan help om die verlore Trappers te soek; daardeur probeer hy 'n valse vriendskap met Greg kweek. Uiteindelik word Eckardt Greg se klankbord. | Bl. 69: *"Ek kom jou help," sê die ou. Dis Eckardt.*<br><br>Bl. 119: *Hy is iemand met wie jy kan praat as dinge by die skool pla. Die ander ouens maak alles af as 'n grap. Of hulle gee nie om nie. Eckardt sal luister as ek hom vertel van Nicole en hoe ek oor haar voel. Oor my pa ... En my ma wat huilend gebel het en ek wat niks daaraan kan doen nie.*<br><br>Bl. 174: *Ek gee die woorde kans om in te sink. Ken Eckardt my dan só goed, ná net 'n paar maande? Vrek, ek dink nie eens Nicole het dit al eens besef nie, ...* |
| | Eckardt gee voor om sy vriend te wees, maar begin deur vir hom 'n bier aan te bied wat daartoe lei dat Eckardt die eerste stap in die onderwêreld van opstand gee: hy begin reëls oortree. | Bl. 71: *Ek weet ek is veronder-stel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4x4's kan mos nie net altyd veilig op die teerpad bly nie, hulle moet af en toe rowwe terrein aandurf.* |
| | Greg word onder die indruk gelaat dat Eckardt nie 'n plek het waarheen hy die vakansie kan gaan nie, en dit veroorsaak dat Eckardt hom by Greg se gesin inwurm. Greg is selfs verbaas hoe gemaklik Eckardt met Greg se pa oor die weg kom, maar hy is van die begin af jaloers op hoe Eckardt en Nicole na mekaar kyk. | Bl. 118: *"My pa-hulle is Switserland toe. Henno en Janita is by hulle pelle. Ek sal seker by die huis wees. 'n Bietjie stilte sal goed wees."*<br><br>Bl. 119: *Die Vrydagoggend toe die skool sluit, is Eckardt se tasse gepak. En ek het nie sy toptienlysie gekry nie, wat beteken hy kom saam.*<br><br>Bl. 146: *My mond hang behoorlik oop toe ek die vakansie sien hoe goed my pa en Eckardt oor die weg kom ...* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 147: "*Nicole? Sy is ongelooflik. Jy is baie gelukkig om haar te hê.*" "*Jy moet vir jou ook 'n meisie kry. Net nie myne nie. Kry jou eie. Hier's baie.*"<br><br>Bl. 148: ... *maar hoekom pla iets my? Miskien is dit omdat Nicole se oë op daardie oomblik meer oor Eckardt se bruingebrande lyf val as oor myne ... Eers toe Nicole tussen ons kom sit op haar handdoek, krul 'n effense glimlag om Eckardt se mondhoeke.* |
| | Hierdie vakansie word uiteindelik ook 'n middel tot 'n doel omdat Eckardt vir Greg van sosiale manipulasie tydens hierdie tyd leer en Greg ongemaklik daaroor voel. | Bl. 121: *Drie dae later besluit die girls om te gaan shopping doen … "Het ek jou al vertel van social engineering?"* |
| | Greg begin Eckardt sien as plaasvervanger vir John. Greg gee selfs John se kamer aan Eckardt tydens hulle vakansie. | Bl. 120: *Dis eers later dat ek dit besef; ek het onbewustelik John se kamer vir Eckardt gegee.*<br><br>Bl. 56: *Ek het gesien hy is eintlik 'n cool ou. Of liewer, dit was meer as dit. Ek het iets anders in hom gesien. Iets van my broer, John.* |
| **Eckardt skep 'n valse gesin met dieselfde agtergrond as Greg s'n en Greg val daarvoor.** | Eckardt skep die indruk dat hy 'n doodnormale gesin het om Greg verder te manipuleer, sodat Greg al hoe meer met hom kan assosieer. | Bl. 90: *Een van die duimspykers gly uit en 'n foto dwarrel grond toe. Ek tel dit op. Dit is van 'n man, vrou en twee kinders. "Jou pa-hulle?" vra ek.*<br><br>Bl. 91: *"Wat doen jou pa?" "Hy voer staal in van Japan en Switzerland. Hier verkoop hy dit ten duurste ..." "So, min of meer die standaard high-living family tipe ding," sê ek. "Jip, soos die res van die ouens hier. Die clones."* |



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| | Aangesien Greg verkeerdelik die indruk kry dat Eckardt begrip het vir sy omstandighede en die druk wat sy pa op hom plaas, begin hy Eckardt al hoe meer vertrou en glo. | Bl. 70: *"So, het jy ook een van daardie pa's?" "Jy ook?" Eckardt trek sy skouers op. "Seker nie so erg nie. Maar wat dink jy maak ek hier? Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Dis wat hulle hier met ons doen, issit nie? Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê." "En in pappa se voetspore kan volg," voltooi ek die sin. "Ek sien jy weet," sê Eckardt.*<br><br>Bl. 119: *Eckardt sal luister as ek hom vertel van Nicole en hoe ek oor haar voel. Oor my pa ... En my ma wat huilend gebel het en ek wat niks daaraan kan doen nie.* |
| | Eckardt skep die indruk dat hy Greg se vriend is, maar kry dit baie subtiel reg dat hy vir Greg teen sy pa se oorheersing en ten opsigte van sy toekomsplanne opstook. Die fyn, listige suggesties het ten doel om Greg teen sy pa te laat rebelleer – en Greg rebelleer nie net teen sy pa nie, maar ook die skoolhoof. | Bl. 99: *"Tja, die skole toets jou kamtig, gee raad. Maar op die ou einde is die besluit joune. Ek dink jy moet luister na wat jou hart sê." "... Maar ek sien al hoe sit dit my pa se stress levels in die rooi." "Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt.*<br><br>Bl. 99: *Ek wonder skielik wat John sou geswot het. Sou my pa hom steeds in 'n rigting gedruk het waar hy nie wou wees nie?*<br><br>Bl. 105: *"Watse snert is dit?" vuur my pa nog 'n rondte af. "Van wanneer af besluit jy om jou skoolhoof se gesag te ondermyn?" "... Ek is teleurgesteld in jou, Greg." "Dan is ek ten minste nie die eerste kind wat jou teleurstel nie, Pa!"* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| **Eckardt begin om onder valse voorwendsels vir Greg by kuberkrakery te betrek.** | Aanvanklik prikkel Eckardt net Greg se belangstelling, maak of hy besorg is oor Greg se veiligheid, skep die indruk by Greg dat daar inligting oor kuberkrakery is wat Greg nie weet nie – en slaag daarin dat Greg hom uiteindelik vra om hom te leer hack. | Bl. 70: *"Hoop nie jy is op die porn sites nie?" "Sal dit nie waag nie. Nie by dié skool nie, ..."*<br><br>Bl. 70: *"Baie gevaarlik wat jy nou doen, nè?" sê Eckardt.*<br><br>Bl. 70: *"Het jy tyd, dan gaan wys ek jou 'n paar ander goed?"*<br><br>Bl. 70: *"Nee, genuine. En selfs al was daar 'n slot, beteken dit ook nie jy surf veilig nie."*<br><br>Bl. 71: *"Sê my, Greg," vra hy toe ek een van die biere na hom toe uithou, "het jy al 'n computer try hack?"*<br><br>Bl. 81: *"Oukei," sê ek. "So daar is die good guys en die bad guys in die hacking-onderwêreld." ... "Sal jy my leer?" vra ek toe Eckardt weer agteroor lê in sy stoel.* |
| | Eckardt kry dit reg dat daar 'n fyn balans is tussen die volgende uitdagings vir Greg ten opsigte van kuberkrakery en sy belewenis dat hy suksesvol in hierdie uitdagings is – en so iets van die adrenalien rush wat hy saam met John ervaar het, beleef. Maar selfs hierdie sogenaamde sukses wat hy aanvanklik beleef, vind plaas met Eckardt se hulp, net om seker te maak Greg raak nie moedeloos nie. | Bl. 89: *Ek maak soos hy sê. Die skerm verander. Die eerste Basic Web challenge: "The idiot test".*<br><br>Bl. 90: *"Nee wag. Voor jy gaan, wil ek jou iets wys." Eckardt druk my terug in die stoel. "Ek is seker jy weet teen dié tyd al genoeg om die eerste challenge agter die rug te kry ... Ek scroll af deur al hierdie kodes. En daar, soos 'n groen juweel tussen die ander source codes, sit die antwoord: Geluk, G-4ce. Nou's jy ook nie meer 'n tegnologiese Trapper nie, of hoe?"* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 78: *"Maak toe die kamerdeur. Cyberspace se onderwêreld wag …" Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoendervleis kry. Asof dit John is wat aankondig: "Hei, boet, ons gaan 'n nuwe extreme sport try."* |
| | Hierdie bekendstelling aan en selfs inlok in die onderwêreld van kuberkrakery het 'n negatiewe invloed op Greg se akademie. | Bl. 70: *Ja, sure. Het tog nie nou lus vir huiswerk nie."*<br><br>Bl. 99: *Twee aande later crack ek Challenge 4. En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets.* |
| | Greg se toenemende betrokkenheid by kuberkrakery onder die valse voorwendsel van Eckardt dat hy hom vir die lekkerte en/of veiligheid daarvan leer, beïnvloed sy verhouding met sy medematrieks negatief. | Bl. 104: *Die ouens is terug van die kerk. Plank en TJ kom maak 'n draai, gesels oor iets wat op die bus gebeur het. Ek luister skaars. Maak later 'n stupid verskoning oor 'n hoofpyn sodat hulle my alleen kan los.*<br><br>Bl. 106: *Ek sit net daar voor my lessenaar. Iemand kom klop aan my oop kamerdeur. Ek spring vinnig op, klap die deur met 'n slag toe en skree: "Los my uit!"*<br><br>Bl. 123: *"Is dit hoekom jy gister so weird was?" vra TJ. "Ek was nie weird nie." "Sê jy. Hoekom was jou kamerdeur gesluit?" … "Ek is nie honger nie," antwoord ek net vinnig en staan op. "Sien julle – " "Sit!" … " … Dis flippen ongeskik om net te loop."* |
| | Onder die valse voorwendsel dat dit net praktiese opleiding is, wys Eckardt vir Greg hoe om by die skool se netwerkkamer in te breek sodat Greg dit later op sy eie ook probeer doen. | Bl. 111: *"Ag, jy worry verniet, Greg. Niemand sal eens weet ons was hier nie. Trust me. Anyway, jy is in hierdie skool om kwaliteitopleiding te kry, en dis mos waarmee ons nou besig is!"* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 126: *Die hoofgebou is voor my. Dis waarheen Eckardt my gevat het die aand toe ons vir die terreinbestuurder gelieg het oor die skooltaak. Dis waar die netwerkkamer is.* |
| | Onder Eckardt se invloed verwaarloos Greg toenemend sy pligte as hoofseun en oortree ander skoolreëls. | Bl. 56: *Toe hy uit is by die deur, begin die gesprekke oor en weer vlieg. 'n Stoeigeveg breek voor in die klas uit. Ek steur my nie daaraan nie, al weet ek dit gaan later voor my kop gegooi word: "Greg, jy is hoofseun en jy het dit nie gekeer nie."*<br><br>Bl. 89: *Dit was ure terug al ligte uit. So much vir my dissipline-preek vir die VRL's.* |
| | Eckardt sleep Greg by die onderwêreld van kuberkrakery in sonder dat hy hom inlig oor die onwettigheid daarvan – en maak van Greg 'n misdadiger in die oë van die wet. | Bl. 138: *Ek is in vet moeilikheid. Goed ... weet nie van die hacking nie. Maar wat as hulle uitvind? Ek kan hulle nie alles vertel ... sonder om myself ook by die ding in te sleep nie.* |
| **Eckardt beplan sy valse verdwyning, wat 'n verdere invloed op baie fasette van Greg se lewe het.** | Dit veroorsaak dat hy so fokus op kuberkrakery dat hy sy skoolwerk nog verder afskeep./Greg se akademie gaan met rasse skrede agteruit. | Bl. 97: *Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê … My binnekant krimp sommer ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie. Ek sal my agterent in rat moet kry … Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam ken en jou roep om te kom speel.* |
| DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION<br>PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001<br>2022 -12- 04<br>APPROVED MARKING GUIDELINE<br>PUBLIC EXAMINATION | Greg se verhouding met Eckardt laat hom eerlik selfondersoek doen ten opsigte van sy eie leierskapsvermoë; desnieteenstaande skeep hy toenemend sy leierskapspligte af. | Bl. 76: *Magteloos. Dis hoe ek nou voel teen die skool en teen Dok Pienaar ... Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?*<br><br>Bl. 85: *"Kom, ouens, vinniger!" por ek hulle aan. "Loser," kap een sag.* |



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 102: *Skielik onthou ek van die busse vol leerders wat kerk toe aangery moet word. Van die ouens het al hulle skoolklere aan. Ek draai terug na Kwanele. "Sal jy vir my kerkdiensbeurt instaan?" "Why?" "Daar is iets wat ek moet doen vanoggend."*<br><br>Bl. 165: *Selfs Kwanele is minder op my case. Hy het al omtrent die VRL oorgeneem, dink ek. Dis in elk geval wat hy wou hê. Ek gee tog nie meer om nie.* |
| | Greg se verhouding met sy pa gaan agteruit, want hy begin al hoe meer lieg vir sy pa. | Bl. 105: *Small talk. Dis hoe dit altyd begin. Ek moet my pa vertel hoe goed dit gaan met die skoolwerk. Met die rugby ... die gesensorde weergawe, natuurlik.*<br><br>Bl. 165: *"Die huiswerk is baie. Die werk is moeilik, maar ek druk deur, Pa moenie worry nie." ... 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onderskeidings betref ... Weer 'n leuen. Daar is niemand wat vir my wag nie. En ek gaan ook nie rugbyoefening toe nie.* |
| | Eckardt se valse inskripsie in sy onderwêrelddagboek dat "hulle" van hom weet/Greg se vermoede dat Dok Pienaar iets met Eckardt se verdwyning te doen gehad het, veroorsaak dat Greg sosiale manipulering op Joan/die ander sekretaresse toepas./'n RAT op Dok Pienaar se rekenaar installeer. | Bl. 124: *Sy staan op en gaan maak vir haarself 'n koppie. Ek spring ook vinnig op, gaan kyk waarmee sy so druk besig was op die rekenaar ... Langs Joan se keyboard lê haar dagboek oop ... Die dagboek word aan die bokant oopgehou met 'n skuifspeld en 'n kleiner stukkie papier.*<br><br>Bl. 124: *"Goeiemiddag, mevrou," sê ek, "meneer Cloete hier. Ek moet vir Dok kom spreek oor iets ..."* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 125: *Bel weer, maar dié keer een van die ander PA's.*<br><br>Bl. 145: *Ek vergeet gerieflikheidshalwe om vir haar te sê om die virusprogram weer te enable, al sal dit nie die RAT optel selfs al is dit aangeskakel nie.*<br><br>Bl. 186: *Hulle moet my net nie nou uitvang nie, bid ek. Ek moet nog net hierdie laaste hekkie oorkom. Dan sal ek darem iets in my hande kan hou. 'n Bewys dat daar iets anders, iets groters aan die gang is. Dat Eckardt se verdwyning beplan was.* |
| | Eckardt se gewaande verdwyning veroorsaak dat Greg homself nog meer van sy vriende onttrek. | Bl. 82: *"Geluk ouens," sê ek flouerig, skielik spyt dat ek nie deel kon wees daarvan nie.*<br><br>Bl. 107: *Die dag is lank. Ek kan aan niks anders dink nie ... Ek hou my kamerdeur toe. Plank en TJ kom klop weer. Later Kwanele ook. Ek maak nie die deur oop nie, sê net ek swot. Ek gaan eet nie eens nie.*<br><br>Bl. 154: *"Jy't nie lus vir 'n bietjie skaak nie?" vra hy naderhand. "Kan ons dit nie later maak nie? Ek wil net ... daar is iets waarmee ek besig is, sal net so 'n uur of wat vat, dink ek."* |
| | Greg besef al hoe meer dat hy self 'n front aan ander voorhou. | Bl. 165: *Weer 'n leuen ... Loser. Daardie woord krap nog en dit voel ál nader aan die werklikheid. En ek moet die skyn voorhou dat alles oukei is.* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| | Eckardt het selfs valslik 'n boek oor depressie op sy boekrak gesit om die moontlikheid van selfdood ná sy verdwyning te versterk – en hierdie gedagte dompel Greg in 'n emosionele maalgat, want aan die een kant beleef hy van vooraf John se dood en aan die ander kant wonder hy of hy bygedra het tot Eckardt se moontlike selfdood. | Bl. 56: *Skielik vang my oog een van die boeke: Depression. Nou vir wat sal hy só iets wil lees? Het hy 'n probleem? ... Skielik oorval 'n skuldgevoel my. Ek was amper die ou wat dinge swaar gemaak het vir hom.*<br><br>Bl. 65: *'n Selfmoordbrief ... Ek is in 'n dwaal ... want ou, verborge gevoelens kom wys weer gesig. Spoke uit die verlede.*<br><br>Bl. 66: *En nou, hier tussen die bome op die grens van die skoolterrein, wonder ek: is dít die les wat wag om geleer te word? Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n bulletproof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer?*<br><br>Bl. 72: *Ek voel hoe woede my lyf oorneem. Dit is so erg dat ek 'n oomblik net eers moet stilstaan en asemhaal. Kalmeer.*<br><br>Bl. 92: *Nes John in daardie eerste stormdae ná sy dood. Die dae van verskriklike woede. In my agterkop bly iets net sê: ek hoop Eckardt is oukei, ek hoop nie hy het iets stupids loop en aanvang nie.* |
| **Eckardt erken sy valsheid as hy sy wraakplanne openbaar.** | Eckardt spog dat Greg vir sy valsheid geval het en so nie net Dok Pienaar s'n nie, maar ook sy eie pa se wandade onwetend aan die lig gebring het. | Bl. 215: *"My pa?" "Dis reg, die Candlestick-maker is jou pa ... Toe jy vir Dok ontmasker het as die Butcher, het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die honde gegooi."* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | |
|---|---|---|
| | Greg se menswaardigheid word aangetas deur die gevoel dat hy verraai is deur iemand vir wie hy so baie omgegee het. | Bl. 215: *En toe ek sien, is Eckardt op die grond. Met my vuiste wat hom tref. In die gesig. Bloed oor my hande.* |
| | Greg se hele lewe word omvergewerp. Sy gesin word verwoes as hy die slagoffer van die grootste sosiale manipulasie word. | Bl. 200: *"Goed, maar dink ook oor daardie amazing gevoel wat jy kry as dinge vir jou begin reg loop, my ou. As jy weet jy is net 'n paar keystrokes weg van dit wat jy soek … Dit gaan alles oor die challenge … En jy het dit ook al gevoel, nè – daardie flippen weird vibration wat jy in jou voel as jy deur die firewall breek.*<br><br>Bl. 212: *"Dis reg ja. Die groot-ste social engineering attack wat jy in jou lewe sal teëkom. En jy was die victim!"* |
| **Eckardt se valsheid ter wille van sy wraakplanne verneder nie net vir Greg nie, maar help hom ook om tot insig oor sy eie menswees te kom.** | Greg is figuurlik platgeslaan nadat hy uitvind van Eckardt se sosiale manipulasie en dat hy slegs voorgegee het hy is Greg se vriend. | Bl. 211: *Ek probeer uit-figure wat Eckardt vir my probeer sê, maar dit maak nie sin nie.*<br><br>Bl. 216: *Die oomblik is soos 'n reusegolf wat my alleen op 'n strand kry, oor my breek, my platvee, uitmekaarruk."* |
| | Greg besef uiteindelik dat hy toe nie so bulletproof was, met ander woorde onaantasbaar en weerbaar, soos hy gedink het nie. | Bl. 66: *En nou, hier tussen die bome op die grens van die skoolterrein, wonder ek: is dít die les wat wag om geleer te word? Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n bulletproof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer?*<br><br>Bl. 225: *"Ek is toe nie so bulletproof soos ek gedink het nie," sê hy sag. 'n Hand op sy skouer. Sy ma s'n. Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 04
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | (Die pa se) studeerkamer/kantoor ✓ | 1 |
| 13.2 | Die man is bang./bevrees./ontsteld./wanhopig./gespanne./op die punt om selfdood te pleeg. ✓ | 1 |
| 13.3.1 | Hy wil huil oor sy betrokkenheid by die onderwêreld (van korrupsie/ misdaad/geld/magsmisbruik/leuens/emosies/doderyk). ✓ | 1 |
| 13.3.2 | Ja<br>Alhoewel die pa willens en wetens die wet oortree het,/omkoopgeld aanvaar het, wou hy homself daarvan losmaak, maar hy kon nie.<br>**OF**<br>Nee<br>Hy was 'n regter wat geweet het wat reg en verkeerd is toe hy die omkoopgeld aanvaar het. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.3.3 | (Hy sien sy pa die eerste keer huil) toe sy pa erken dat John pille van PlusUltraMed (vir sy selfdood) gebruik het. ✓ | 1 |
| 13.4.1 | Nee<br>**OF**<br>Ja | 1 |
| 13.4.2 | Greg se pa is die Candlestick-maker./deel van Dok Pienaar se onwettige betrokkenheid by die voëlgriepepidemie./<br>Greg se pa is bewus daarvan dat Dok Pienaar van die regter ontslae geraak het./<br>Greg se pa se mediamaatskappy/Turret-Media is in 'n finansiële verknorsing./<br>Greg se pa en Dok Pienaar is in die verlede van 'n misdaad aangekla./<br>Greg se pa het die pille van PlusUltraMed huis toe gebring waarmee John selfdood gepleeg het. ✓✓✓<br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 0
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

